# NOTULE VAN VERGADERING MET DIE RICHTERSVELD GEV

**Omgewingsimpak Studie (OIS) – Omvangsbepalings Fase Publieke Deelname (Projek Aankondiging)**

<table>
<tr><td>Onderwerp</td><td colspan="3">Voorgestelde Grasdrift Delwery deur Nabas Diamante (Edms) Bpk<br>Aansoek vir 'n Mynreg, Omgewingsmagtiging, 'n Afvalbestuurslisensie asook Watergebruiklisensie.<br><br>DMRE Verwysings no. NC 30/5/1/2/2/10211 MR</td></tr>
<tr><td>Datum en tyd</td><td colspan="3">15 November 2022, 10:00 – 12:00</td></tr>
<tr><td>Plek</td><td colspan="3">Richtersveld GEV Kantore, Alexanderbaai</td></tr>
<tr><td>Voorsitter</td><td colspan="3">Marissa Botha, Naledzi Omgewingskonsultante (Edms) Bpk (MB)</td></tr>
<tr><td rowspan="12">Teenwoordig</td><td colspan="2">Naledzi Omgewingskonsultante</td><td>Marissa Botha (MB)<br>Thendo Matsenene (TM)</td></tr>
<tr><td colspan="2">NDI Geologiese Konsultante</td><td>Solly Olifant (SO)<br>Lesego Masao (LM)</td></tr>
<tr><td colspan="3">Richtersveld GEV Verteenwoordigers</td></tr>
<tr><td>Annemarie De Wet (ADW)</td><td colspan="2">GEV Sekretaresse</td></tr>
<tr><td>Cathleen Cloete (CC)</td><td colspan="2">Kuboes verteenwoordiger</td></tr>
<tr><td>Nicodemus Swartbooi (NS)</td><td colspan="2">Kuboes verteenwoordiger</td></tr>
<tr><td>Filecia Rooi (FR)</td><td colspan="2">Eksteenfontein verteenwoordiger.</td></tr>
<tr><td>Farie Cloete (FC)</td><td colspan="2">Lekkersing verteenwoordiger</td></tr>
<tr><td>Ryno Thomas (RT)</td><td colspan="2">Raadslid,Lekkersing/Eksteenfontein/.Kuboes verteenwoordiger</td></tr>
<tr><td>Henley Strauss (HS)</td><td colspan="2">Eksteenfontein verteenwoordiger</td></tr>
<tr><td>Ryno Farmer (RF)</td><td colspan="2">Eksteenfontein verteenwoordiger</td></tr>
<tr><td colspan="3">Verwys asseblief na die aangehegde getekende bywoningsregister as Bylae A.</td></tr>
<tr><td>Verskonings</td><td colspan="3">Mnr Itumeleng Mashune, Adjunkdirekteur van Noord-Kaap Departement van Grond en Landelike Ontwikkeling asook Grondhervorming.<br><br>Die vergadering is versoek en geroep deur Mnr Mashune. Hy het nie amptelik verskoning gemaak nie, maar was vermoedelik afwesig weens ander afsprake.</td></tr>
<tr><td>Doel</td><td colspan="3">• Projek inligting oor te dra<br>• Wetlike vereistes en bestek van die OIS te verduidelik<br>• Insette te verkry vanaf GEV lede oor die genoemde projek wat oorweeg en aangespreek moet word in die OIS-proses.<br>• Konsep Maatskaplike-en Arbeidsplan te bespreek;<br>• Inligting te verkry vanaf GEV lede oor die stand van gemeenskapsgesondheid en beskikbaarheid van gesondheids dienste.</td></tr>
<tr><td>Inhoud van Notule</td><td colspan="3">1. Voorlegging<br>2. Besprekings<br>3. Maatskaplike-en Arbeidsplan<br>4. Gemeenksaps gesondheids vraelys<br>5. Afsluiting<br>6. Aksie Items<br>7. Handtekening en aanvaarding van notule<br><br>Die volledige PowerPoint-voorlegging is aangeheg as Bylae B.</td></tr>
</table>

## 1. VOORLEGGING

| Item nr. | Agenda Item |
|---|---|
| **1.1** | **Verwelkoming en Bekendstelling** |

MB het die vergadering geopen en die GEV lede verwelkom. Daarna is die projekspan en GEV lede die geleentheid gebied om hul voor te stel.

MB noem dat Nabas Diamante die mynreg aplikant is en NDI Geologiese Konsultante tree op as hul agent en projek bestuurder en is ook verantwoordelik vir die opstel van die Konsep Maatskaplike-en Arbeids Plan (MAP). NDI Geologiese Konsultante het Naledzi Omgewingskonsultante aangestel as die onafhanklike omgewings-evaluerings-praktisyn om die Omgewingsimpak studie (OIS) te doen vir die genoemde projek.

| | |
|---|---|
| **1.2** | **Aanvaarding van die Agenda** |

Die besprekingspunte op die agenda is genoem en aanvaar deur die GEV lede.

| | |
|---|---|
| **1.3** | **Projek Agtergrond en Ligging** |

**1.3.1 Agtergrond**

MB noem dat Nabas die prospekteerreg (NC 501 PR) vir spoeldiamante besit by Grasdrift in die Richtersveld Nasionale Park vanaf 2017. Die myngebied (2692-ha) is geleë op die linkeroewer van die Oranjerivier op 'n gedeelte van die Restant van die Plaas Nr. 18[1]. Toegang tot die gebied is deur die RNP oor Akkedispas of Helskloofpas.

Die Grasdrift prospekteerbedrywighede het begin in 2018 en die resultate is gunstig dus het Nabas nou aansoek gedoen vir die mynreg oor die selfde gebied by die Departement van Minerale Hulpbronne en Energie (DMHE).

Bestaande prospekteer infrastruktuur sal hergebruik word vir die doeleindes van die delwery nl.

- Herwinningsaanleg
- Toegangspaaie, baksteengeboue en staalstukture
- Gruismonstergroewe en uitskot hope
- Slikdam, staaldamme
- Landingstrook
- Water-ontrekkingspunte vanaf die Oranjerivier

Geen rehabilitasie in nog gedoen nie en sal tydens die mynreg tydperk geskied.

**1.3.2 Ligging**

Die mynreg gebied is gelëe binne die Richtersveld Nasionale – en Oorgrens Park, ook moonlik die buffer van die Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap Wêreld-erfenisgebied.

Die Wet op Beskermde Gebiede verbied 'nuwe orde regte' (prospekteer/myn) binne beskermde gebiede maar maak wel toegewing daarvoor, indien dit wettiglik plaasgevind het voor die inwerktreding van die wet (2004) en solank die myngebied nie toeneem nie.

Nabas se prospekteerreg is reeds voor 2004 by die DMHE verwerk en in 2017 uitgereik. Die myreg-aansoek strek oor dieselfde gebied as die prospekteerreg sin. DMHE die aansoek aanvaar NC 30/5/1/2/2/10211 MR) en die wet bepaal dat die moet die OIS moet volg.

[1] Ons vra hiermee onverskoning dit is verkeerdelik uitgewys in die vergadering as Plaas Nr. 11 maar in werklikeheid Plaas Nr. 18.

| 1.4 | Projek Oorsig |
|---|---|

MB het d.m.v ŉ liggingskaart uitgewys dat die aansoekgebied beperk is tot Suid-Afrika. Geen mynbou word beplan onder the Oranjerivier vloedvlakte nie. Die diamante sal ontgin word vanuit die gruisterrasse bo dit d.m.v. ŉ vlak oopgroepmyn metodes (20m diep).

Die gruis sal uitgegrawe word en met vragmotors vervoer na ŉ skuifbare sifmasjien, waar sand en die grootste klippe uitgesif word. Die oorblywende gruis word dan na die herwinninsaanleg vervoer. Alle uitskot material (d.w.s sand, oorgroot klippe, fyn materiaal vanaf aanleg) sal gebruik word om die uitgemynde areas op te vul en rehabiliteer.

Die myngebied sal opgedeel word in drie seksies met ŉ herwinningsaanleg in elk nl.

- Seksie 1 in suide van myngebied waar daar reeds ŉ aanleg en myntoerusting opgerig is.
- Seksie 2 in die middel van die myngebied by die ou aanlegterrein
- Seksie 3 gelëe in die noordelike gedeelte van die myngebied waar die plasing van infrastruktuur later bepaal sal word.

Die myn sal 300 000 ton/maand verwerk en ŉ lewensduur van 30 jaar hê. MB het die benodigde myninfrastruktuur genoem (verwys na bladsy 11 van voorlegging).

Twee kontrakteurs sal die gebied gelyktydig myn by Seksie 1 en 2. Seksie 3 sal later volg.

MB het die diensvereistes vir die myn uitgewys (verwys na bladsy 13 van voorlegging) nl:

- 80 000 – 100 000$m^3$ water per maand sal ontrek word vanuit die Oranjerivier
- ŉ Waterpyplyn sal aangelê word om die water na die aanlegte te gelei
- Drinkwater sal in JOJO tanks gestoor word en proseswater in staaldamme.
- Kragopwekkers sal die aanlegte, woonkwartiere en waterpompe voorsien van elektrisiteit.
- 'French drains' word tans gebruik by the myn vir riool behandeling maar daar is sprake dat daar moontlike ŉ Riool-behandelings-aanleg opgerig sal word.

Volgens Nabas sal die gemeenskap 20% aandeel in die vorm van n Trust in the myn besit en ook voordeel geniet uit werks-en opleidingsgeleenthede.

| 1.5 | Wetlike vereistes |
|---|---|

MB het kortliks die wetlike vereistes vir die projek uitgewys (verwys na bladsy 15 van die voorlegging) nl.

- Aanoek vir die volgende by DMHE in Springbok:
    - ŉ Mynreg en goedgekeurde Gemeenskaps-en Arbeidsplan
    - Omgewingsmagtiging en ŉ afvalbestuurslisensie onderhewig aan ŉ OIS-proses
- Aansoek vir watergebruiklisensie by die Departement van Water en Sanitasie in Upington

| 1.6 | OIS en Publieke Deelname Proses |
|---|---|

MB noem dat die OIS en publieke deelname proses streng gevolg word volgens die OIS-Regulasies riglyne en bestaan uit die drie fases wat elk vergesel word deur ŉ rondte publieke deelname (verwys na bladsy 17 – 20 van voorlegging).

Die doel van die studie is om die moontlike omgewings-en sosiale impakte van die projek te bepaal, ondersoek, evalueer en ten einde te bestuur volgens ŉ goedgekeurde Omgewingsbestuurs Plan (OBP). :

Die OBP sal as deel van die OIS ingehandig word vir goedkeuring by DMHE. Die plan sal al die kwessies (d.w.s myn, water, riool, afval beheer, woonkwartiere ens) aanspreek en is bindend op die mynreg houer. Onafhanklike Omgewings Konsultante sal verantwoordelik wees vir die monitering van die OBP en die DMHE sal dit opvolg met nakomings-oudits.

| |
|---|
| Die genoemde verslae van die OIS word ingelig deur spesialis studies. Naledzi sal die volgende studies voltooi as deel van die proses:<br>• Erfenisimpak en Palaeontologies Studie<br>• Hidrologiese en Geohidrologiese-impak Studies<br>• Biodiversiteits Studies (Akwaties, Vleiland, Hidropedologies, Diere, Voëls, Plante)<br>• Grondgebruiksvermoë studie<br>• Geraas, Luggehalte (stof) asook Visuele impakstudie<br>• Sosio-ekonomiese impak studie<br>• Gemeenkskaps Gesondheids Studie |
| **Publieke Deelname**<br>Die publieke deelname proses gee die Omgewingskonsultant die geleentheid om die bogenoemde projek inligting oor te dra aan die gemeenskap en hul insette te verkry wat uiteindelik oor gedra word aan die DMHE. Drie stelle inligting word met die publiek gedurende die OIS proses gedeel nl.<br><br>• Rondte 1 –Agtergronds Inligting Dokument (AID) wat die publiek die geleentheid gee om te registreer op die projek databasis en insae te lewer d.m.v geskrewe kommentaar, publieke vergaderings.<br>• Rondte 2 –Omvangsbepalings-verslag (OBV) wat beskikbaar gestel word vir die publiek om insae te lewer.<br>• Rondte 3 – Die OIS sleutel dokument, Omgewingsimpak-verslag (OIV) en OBP wat beskikbaar gestel word vir die publiek om insae te lewer d.m.v publieke vergaderings en geskrewe kommentaar.<br><br>Gedurende elke rondte het die publiek 30-dae geleentheid om insette te lewer.<br><br>MB het die Grasdrift OIS skedule bespreek (verwys na bladsy 21 van voorlegging) en die volgende uitgelig:<br>• **Rondte 1**<br>o Die AID is beskikbaar tot 5 Desember 2022 vir registrasie en insae in elk van die vier dorpies asook Port Nolloth en Alexanderbaai en kan ook afgelaai word vanaf die Naledzi webtuiste.<br>o Gemeenskaps vergarderings vind plaas op 16 en 17 November 2022.<br>o Sodra die registrasie periode verstryk sal die Konsep-OBV voorberei word.<br>• **Rondte 2**<br>o Die OBV sal beskikbaar wees gedurende Januarie to Februarie 2023 by dieselfde lokale as die AID en op die Naledzi webtuiste.<br>• **Rondte 3**<br>o Die OIV en OBP sal beskikbaar wees vanaf Mei tot Junie 2023 soos bo genoem.<br>o Gemeenskaps vergaderings sal plaasvind gedurende die tydperk om die bevindings van die OIS studie te bespreek. |

## 2. BESPREKINGS

| 2 | Besprekings |
|---|---|
| 2.1 | **FC** wou die volgende bevestig nl.<br>a) Verval prospekteerregte, indien, wanneer?<br>b) Die tydlyn tot en met die Mynreg goedgekeur word in November 2023.<br>c) Kan Nabas voortgaan met die prospekteer bedrywighede terwyl die OIS proses onderweg is? |
| | a) **MB:** Die prospekteerreg is geldig vir 5-jaar vanaf 2017 tot 31 Maart 2021. Nabas het aansoek gedoen vir die verlenging daarvan voor Maart 2021 en wag vir DMHE se terugvoer. Volgens artikel 18 (5) van die MPRDA is die prospekteerreg nog steeds van krag totdat sondanige aansoek toegestaan / geweier word. |

| | |
|---|---|
| | b) **MB:** Die OIS proses skedule is uitgewys op bladsy 21 van die voorlegging (sien Bylae B). Let wel November 2023 is wanneer Naledzi verwag DMHE die omgewingsmagtiging permitte sal uitreik, gevolg deur die mynreg.<br><br>c) **MB:** Die bedrywighede gaan voort waarna die produksie sal verhoog sodra die mynreg uitgereik. |
| 2.2 | **ADW:** Het DMHE reeds die verlengde prospekteerreg toegestaan aan Nabas? |
| | **MB:** DMHE moet nog aandui of hul die aansoek toestaan/weier dus gaan die myn voort volgens die bepalings van artikel 18 (5) van die MPRDA tot DMHE hul besluit uitreik. |
| 2.3 | **RT:** Gaan NDI Geologiese Konsultante nog die Maatskaplike en Arbeidsplan breedvoerig verduidelik? Ons stel belang in hoe die gemeenskap gaan baat uit die myn? |
| | **MB:** LM gaan die plan verduidelik na hierdie besprekings-sessie.<br>(Verwys na bladsy 24 – 28 van die voorlegging aangeheg as Bylae B asook afdeling 3 van die notule) |
| 2.4 | **RT:** Wanneer doen so maatskappy aansoek vir waterregte as hul prospekteer? Sekerlik het hul watergebruik vereistes as hul prospekteer. |
| | **MB:** Aansoek vir ŉ watergebruik lisensie word gedoen gedurende die prospekteerreg aansoek proses. Volgens NDI Geologiese Konsultante het Nabas Diamante hul aansoek ingedien per hand by Departement van Water en Sanitasie (DWS) reeds voor 2017. Die aansoek was vir die ontrek en gebruik van 18 000$m^3$/jaar vanuit die Oranjerivier. Gedurende Maart 2017 is die Watergebruik Lisensie Aansoek Regulasies uitgereik wat bepaal dat aansoeke elektronies ingedien moet word deur eWulaas sisteem.<br><br>Op versoek van DWS, het NDI Geologiese Konsultante in Augustus 2022, die Watergebruik lisensie aansoek dokumente weer ingedien op die eWulaas sisteem alvorens die aansoek vir die mynreg watergebruik kan ingedien word.(DWS Verwysings no. WU20432) |
| 2.5 | **RT:** Die myn slikdamme moet omhein word om vee sterftes te voorkom weens vorige insidente by ander myne. |
| | **MB:** Die myn bedrywighede oorskry nie die vloedvlakte waar veeboere wei en kamp nie en daar is nie diere op die mynterrein self nie. Daar is ŉ bestaande slikdam wat nie tans omhein is nie, maar onder die mynreg sal slikdamme omhein moet word.<br><br>**SO:** All uitskot/afval damme wat deur die houer gebou en bedryf word moet omhein word inlyn met die Wet op Myngesondheid en –Veiligheid en ander toepaslike wetgewing. |
| 2.6 | **RT:** Veeboere wei al langs die Oranjerivier-oewer tot Mei maand insluitend by Grasdrift. Die veeboere moet daarom toegang hê tot die rivieroewer veral in die somer maande.<br><br>Die reëling moet ooreengekom en onderteken word deur die myn in ŉ aparte dokument wat reg van toegang vir veeboere tot die rivieroewer bevorder. Ander myne gee die veeboere nie vrylik toegang nie en moet daar ingeklok word by hoogs gewapende wagte slegs op sekere tye wat die myn toelaat. |
| | **MB: V**eeboere het tans toegang tot die Grasdrift gebied. Hierdie reëling kan net voortgaan en ingeskryf word as ŉ vereiste in die Omgewingsbestuurs Plan. Daar kan voorsiening gemaak word vir die onderteken van ŉ "Memorandum van Verstandhouding' tussen Nabas en Richtersveld veeboere. Die dokument kan die breë trekke soos ooreengekom deur die twee partye beskryf.<br><br>Die versoek word ook aangeteken in die OIS-verslae en word beskou as ŉ moontlike impak op die veeboere se bestaan en kultuur. |

| | |
|---|---|
| 2.7 | **HS:** Die Richtersveld Nasionale Park (RNP) Bestuursplan moet in ag geneem word in the OIS en ook dat die myngebied binne die Wêreld Erfenisgebied buffer val, nie die kern nie. |
| | **MB:** Die RNP Bestuursplan sal in ag geneem word asook die ligging van die myngebied in terme van die Wêreld-erfenis gebied. |
| 2.8 | **RF:** Ons ervaring is dat geen myn die gemeenskap bevoordeel het nie. Die besprekings begin goed maar niks word nagekom nie.<br><br>Waarom is die Grasdrift OIS tydperk so kort teenoor Boegoebaai sin?<br><br>Die GEV lede wil saam met Naledzi, Nabas en die kontrakteurs die myngebied besoek en die proses beter verstaan. |
| | **MB:** Die OIS Regulasies van 2014 (soos gewysig in 2017) beperk die OIS-proses tydperk tot 300 dae.Vanaf die aansoek ingedien is het die konsultant slegs 44 dae om die gemeenskap te konsulteer en die Omvangsbepalings-verslag in te dien. Naledzi het reeds aansoek gedoen vir 50-dae uitstel.<br><br>Myn verwante aansoeke laat nie die konsultant toe om voorbereiding en vooraf konsultasie te doen nie. Dus moet alles geskied binne die 300 dae. Ander nie-mynverwante ontwikkelings, , kan die konsultant genoegsame voorbereiding en gemeenskaps konsultasie doen alvorens die aansoek ingedien word wat die konsultant meer tyd gee om die OIS-proses te voltooi.<br><br>Die versoek vir 'n terreinbesoek kan geskied gedurende die Omvangsbepalings-verslag kommentaar periode, Januarie tot Februarie 2023. Die versoek sal geopper word by Nabas. |
| 2.9 | **RT:** Wie verteenwoordig Nabas Diamante en wanneer treë die 20% aandeelhouding van die Nabas Trust in werking? |
| | **MB:** NDI Geologiese Konsultante (LM) sal die bespreek in die volgende voorlegging (verwys na afdeling 3 hieronder). |

## 3. MAATSKAPLIKE EN ARBEIDSPLAN

<table>
<tr><th>3.1</th><th>Nabas Maatskaplike-en Arbeidsplan (MAP)</th></tr>
<tr><td colspan="2">LM noem dat die Minister van Minerale hulpbronne in 2018 'n nuwe Mynbou Handves gepubliseer het wat voorstel dat gemeenskappe sekere aandele toegeken moet word in myne, maar sekere mynhuise appelleer hierteen. Maar dit is aan te bevele dat nuwe myne gemeenskaps- en werknemer aandele insluit. Die persentasie aandele toegestaan is totaal afhanklik van die myndireksie.<br><br>Nabas Diamante bestaan uit drie partye. nl.<br>• Global Diamond Resources SA (Pty) Ltd (45% aandeel)<br>• Agnobest 4 (Pty) Ltd (35% aandeel)<br>• Nabas Trust (20% aandeel) / Richtersveld Gemeenskaps Trust<br><br>Die bedoeling is om die bogenoemde persentasie aandeelhouding toe te ken aan die trust sodra die mynreg uitgereik is. Die myn kan nie onder die prospekteerreg hom verbind aan LED-projekte of menslike hulpbronontwikkeling nie.<br><br>Dit sal uiteengesit word in the MAP, dat die trust gestig word sodra die akte toegestaan is, daarna sal Nabas die gemeenskap betrek om Trustees te verkies. Nabas sal aan DMHE moet bewys dat die trust gestig is en die aandele toegeken is.</td></tr>
<tr><td colspan="2">LM noem dat Nabas se mynreg-aansoek moet vergesel word deur 'n Maatskaplike en Arbeidsplan (MAP) in nakoming van die vereistes van die Wet op die Ontwikkeling van Mineraal-en Petroleumhulpbronne van 2002 (MPRDA). Die plan moet elke 5 jaar hersien en opdateer word vir die lewensduur van die myn.</td></tr>
</table>

’n Konsep plan is beskikbaar vir die eerste 5 jaar van die myn en moet in oorleg met die gemeenskap gefinaliseer word. Die plan fokus op onderwys, opleiding en voedselsekerheid. Die twee LED-projekte wat Nabas geïdentifiseer het sluit die volgende in:

- Opknap van die Kweekhuisprojek by Alexanderbaai Skool ter waarde van R 720 000
- Kweekhuisprojekte by elk van die 4 gemeenskappe ter waarde van R 400 000

Die opbrengs vanaf die kweekhuise kan verbruik; of verkoop word aan die plaaslike kruideniersware winkels. Nabas se totale belegging in die 1ste 5-jaar van die plan is R 1,120 000.

Voorstelle oor alternatiewe projekte wat die gemeenskap meer kan baat is ook welkom. Die projekte moet net standhoudend wees. Nabas sal dan die voorstelle oorweeg. Gemeenskappe kan ook kies watter projek eerste gedoen word en watter gemeenskap daarby behoort te baat. Die geïdentifiseerde projekte sal dan in die volgorde van prioriteit geïmplimenteer.

Sodra die gemeenskap die opgedateerde plan aanvaar, sal dit ingedien word by DMHE vir goedkeuring en sal daar van die myn verwag word om projekte te implementer.

Die plan is dan ’n instrument waarvolgens die gemeenskap Nabas kan oudit. As die vereistes nie nagekom word nie kan die gemeenskap die myn te verkla by DMHE.

Hierdie projekte sal ook bespreek word met die ander gemeenskappe gedurende die opkomende vergaderings.

| **3.2** | **Insette vir projekte vanaf GEV** |
|---|---|
| 3.2.1 | **FC:**<br>• Lekkersing het ’n waterskaarste. Die water wat wel beskikbaar is, is brak.<br>• Die kweekhuisprojekte sal slegs werk in Sanddrift en Kuboes want hul ontvang vars water vanuit die rivier.<br>• Gemeenskap sopkombuise moet bygestaan word. |
| 3.2.2 | **RT:**<br>a) Ope beurse moet beskikbaar wees vir matrikulante. Die meerderheid matrikulante kan nie tersiêre opleiding bekostig nie en wil nie noodwendig veldwagters word nie. SANPARKE behoort in elk geval die veldwagters op te lei nie die myn nie.<br><br>b) Daar is ’n tekort aan onderwysers veral in Kuboes. Die kleuterskool benodig finansiele hulp asook hulp om die onderwysers te betaal alternatiewelik moet gemeenskaplede opgelei word as onderwysers. Daar is veral ’n behoefte by kinders op grondvlak. Die Departement van Onderwys betaal nie die onderwysers nie dan trek hul weg. |
| | **LM:** Die plan maak voorsiening vir beurse vir mense om opgelei te word as veldwagters vir indiensneming deur SANPARKE. Ons sal dan moet spesifiseer dat daar ’n behoefte is vir ope beurse. |
| 3.2.3 | **RT:** Eksteenfontein se gesondheidsorg fasiliteit is swak met bejaardes wat 5-maande laas hul bloeddruk en diabetes medikasie ontvang het. Daar is ook nie ’n plaaslike ambulans beskikbaar nie, die moet van vêr kom en kan nie in noodgevalle betyds die dorpies bereik nie.<br><br>Al vier dorpies het ’n kliniek maar Eksteenfontein en Lekkersing het nie eens ’n kliniek suster nie. Volgens Port Nolloth Hospitaal se Hoofsuster moet die pasiente ondersoek word deur ’n kliniek suster alvorens die medikasie uitgereik kan word. Die hoof behoefte is dus kliniek susters vir die twee dorpies. |
| | **LM:** As 'n alternatiewe LED-projek, kan Nabas kyk na 'n diensvlakooreenkoms met gesondheidsorg om 'n mobiele kliniek en kliniek-suster te voorsien wat die klinieke twee keer per maand besoek om die ondersoeke te doen en vereiste medikasie toe te dien. |

| | |
|---|---|
| 3.2.4 | **RT:** Hoe sal die 20% aandele aan die Nabas Trust gemeet word en hoe sal dit betaal word? |
| | **LM:** Sodra die Trust akte uitgereik word kan Nabas die trust voorwaardes en terme met die GEV/gemeenskap bespreek nl. aandeelhouding en waarde. Daar sal ook Trustees verkies word vanuit die gemeenskap. |
| 3.2.5 | **FC:**<br>• Kan die Richtersveld Mynbou Maatskappy dien as trustees?<br>• Die gemeenskap het te veel trusts nl. Richtersveld Beleggings Trust, Richtersveld NP Trust ens. en die oorvleuel mekaar. |
| | **LM:** Die gemeenskap moet besluit daaroor. Die trustees moet die belang van die gemeenskap dra en aan sekere voorwaardes voldoen nl. mag nie vir die staat werk nie, nie ŉ kriminele rekord hê nie, moet bly in gemeenskap ens. |
| 3.2.6 | **RF:** Die behoefte in the gemeenskappe is meer en deels:<br>• Opgradering van infrastruktuur nl. waterstelsel, geboue<br>• Ope beurse vir matrikulante<br>• Vervoer vir skoliere op daaglikse basis vanaf die dorpies na skole.<br>• Skoon en genoegsame drinkwater<br>• Daar is geen toegang tot rekenaars nie |
| | **LM:** Daar is niks wat die gemeenskap keer om Nabas te nader vir befondsing of skenkings van skootrekenaars aan te vra nie. |
| 3.2.7 | **FC:** Watter meganismes kan die gemeenskap gebruik om die MAP verpligtinge te monitor en oudit? |
| | **LM:** Die plan wys die tydlyne wanneer sekere verpligtinge nagekom moet word. Die myn moet 'n jaarlikse prestasie beoordelings-verslag indien by DMHE voor of op elke 31ste Maart, sodat die plan se vordering gemeet kan word. Die gemeenskap kan 'n afskrif van die verslag versoek vanaf die myn of DMHE. |
| 3.2.8 | **RT:** Op watter moontlike gronde kan die DMHE die plan afkeur? |
| | **LM:**<br>• As die gemeenskap nie die plan aanvaar het nie of gekonsulteer is nie.<br>• Die waarde van die projekte laer is as die myn se prestasie (bv. Waarde nie laer as R 500 000 nie). |
| 3.2.9 | **FC:** As die myn in volle produksie is wil die GEV weer vergader met Nabas want ons soek ŉ venootskap en fondse om teerpaaie te bou na die dorpies toe. |
| 3.2.10 | **RT:**<br>• Die OBP moet voorsiening maak dat die gemeenskap ook 'Bedrock sweeping' kan doen by die myn sowel as verblyf.<br>• Werksgeleenthede moet beskikbaar wees vir die plaaslike gemeenskap.<br>• ŉ Gemeenskap-skakelbeampte (GLO) moet aangestel en betaal word deur die myn om dit te behartig. |
| | **LM:** Die gemeenskap/myn kan 'n GLO aanstel om 'n databasis saam te stel van beskikbare vaardighede en werknemers vanuit die plaaslike gemeenskappe wat deur die myn in diens geneem kan word. Slegs as dit bewys kan word dat die myn nie die vaardigheid plaaslik kan verkry nie, dan kan die myn dit adverteer vir buiteliggende gebiede. |
| | **Na-vergaderingse nota:**<br>Nabas het bevestig dat die myn werk program ('Mine Works Programme') moet voorsiening maak vir 'Bedrock sweeping' en is tans reeds deel van die prospekteerwerk-program (Prospecting Works Programme) op ŉ baie klein skaal. |
| | |
| **VERWYS NA BYLAE C VIR DIE OPSOMMING VAN PROJEKTE** | |

## 4. GEMEENSKAP GESONDHEIDS VRAELYS

MB het die gemeenskaps vraelys ingevul met insette vanaf die GEV lede. Die volgende is uitgelig:

- Elke dorpie het ŉ kliniek maar Eksteenfontein en Lekkersing het nie kliniek susters nie.
- Die klinieke is oor die algemeen nie toegerus met kroniese medikasie nie.
- Algemene siektes sluit bloeddruk en diabetes in.
- Die gemeenskapslede moet na die Port Nolloth Hospitaal (R 500 vir vervoer) toe gaan vir algemene behandeling en Upington / Kimberley vir kroniese behandeling (R 9000 vir vervoer).
- Daar is dwelm - en alkoholmisbruik in al die dorpies.

## 5. AFSLUITING

MB het almal teenwoordig bedank vir hul deelname en insette. Die vergadering is verdaag met die versoek dat Naledzi die vergadering voorlegging met die Richtersveld GEV moet deel.

## 6. GEIDENTIFISEERDE AKSIE-ITEMS

| Nr. | Aksie Item | Toegewys | Wanneer voltooi |
|---|---|---|---|
| **1** | Die myn slikdamme moet omhein word vir die veiligheid van die vee. | Nabas | Sal ondersoek word en ingesluit word as vereiste in OIS verslae. |
| **2** | Memorandum van Verstandhouding moet onderteken word tussen Nabas en die Richtersveld veeboere (daar is vier) sodat veeboere vrylik toegang het tot weiding langs die rivieroewer by Grasdrift. | Nabas | Sal eers moet bevestig hoe dit bewerkstellig kan word. |
| **3** | GEV lede terrein-besoek na Grasdriftmyn tesame met Naledzi, Nabas en die betrokke kontrakteurs wanneer die Omvangsbepalings-verslag beskikbaar is vir kommentaar (Januarie tot Februarie 2023). | Naledzi in oorleg met Nabas | Sal reëlings tref en kommunikeer gedurende Januarie 2023. |
| 4 | Die ander myne laat die gemeenskap toe om 'bedrock sweeping' te doen. Die gemeenskap wil ook moontlik die geleentheid gebied word by Grasdrift asook verblyf. | Nabas | Naledzi sal eers moet bevestig met Nabas of dit moontlik is. |
| 5 | Nabas moet ŉ Gemeenskapskakelbeampte (GLO) aanstel en betaal om ŉ databasis op te stel van beskikbare vaardighede en werknemers binne die gemeenskap vir moontlike aanstellings by die myn. | Nabas | Sal ingesluit word in OBV, OIS verslae as arbeids bestuursmetode. |
| 6 | Die voorgestelde lys van gemeenskapsprojekte asook voorlegging moet gedeel word met GEV en gemeenskappe vir verdere insae. | Naledzi | Die lys en voorlegging is deurgestuur aan Richtersveld GEV kantore op 9 Desember 2022 vir insae. |

# Aanhangels:

## Bylae A- Getekende bywonings register

## Bylae B – PowerPoint-voorlegging

## Bylae C – Voorgestelde Maatskaplike en Arbeidsplan projekte

## 7. AANVAARDING VAN NOTULE:

**a) NALEDZI OMGEWINGSKONSULTANTE**

| | |
|---|---|
| Handtekening | Datum |

**b) NDI GEOLOGIESE KONSULTANTE**

| | |
|---|---|
| Handtekening | Datum |

**c) RICHTERSVELD GEV LEDE**

| | |
|---|---|
| Handtekening | Datum |

NALEDZI ENVIRONMENTAL CONSULTANTS

**ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENT STUDY (SCOPING PHASE) PUBLIC PARTICIPATION**

**Application for Environmental Authorisation and Waste Management License for a Mining Right Application and associated Water Use License Application for 'Grasdrift Diamond Mine'** (DMRE Ref. NCS 30/5/1/2/2/10211 MR

# ATTENDANCE REGISTER – FOCUS GROUP MEETING

**Department of Rural Development and Land Reform & Richtersveld Communal Property Association**

**Venue: Alexander Bay Richtersveld CPA Offices**

**Date: 15 November 2022**

**Time: 10h00**

| NAME AND SURNAME | REPRESENTING | EMAIL ADDRESS | CELLPHONE NUMBER | SIGNATURE |
|---|---|---|---|---|
| MARISSA BOTHA | NALEDZI EC | [redacted] | | |
| Cathleen Cloete | R.CPA | [redacted] | | |
| N. SWARTBOOI | RCPA | [redacted] | | |
| Ryno Thomas | R&M | [redacted] | | |
| A.E.F. CLOETE | RCPA | [redacted] | | |
| FiLecia Rooi | CPA | [redacted] | | |

| NAME AND SURNAME | REPRESENTING | EMAIL ADDRESS | CELLPHONE NUMBER | SIGNATURE |
|---|---|---|---|---|
| HENLEY STRAUSS | RCPA | [redacted] | | |
| Annemarié de Wet | RCPA | [redacted] | | |
| Ryno Falmer | RCPA | [redacted] | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |

**OMGEWINGSIMPAK STUDIE VIR 'N MYNREG, AFVALBESTUURSLISENSIE EN WATERGEBRUIK LISENSIE**

GRASDRIFT DIAMANT DELWERY OP DIE LINKEROEWER VAN DIE ORANJERIVIER PLAAS NR. 11 (GRASDRIFT), AI AIS RICHTERSVELD NASIONALE PARK

**PUBLIEKE VERGADERINGS**

**15, 16, 17 November 2022**

NEC NALEDZI ENVIRONMENTAL CONSULTANTS (Pty) Ltd

# AGENDA

1. Stel jouself voor
2. Projek agtergrond en ligging
3. Projek oorsig
4. Wetlike vereistes
5. Doel van die OIS proses
6. OIS proses en verlangde spesialis insae
7. Publieke deelname proses
8. OIS skedule asook die volgende stappe
9. Gemeenskaplike en arbeidsplan (o.t.w. Social Labour Plan)
10. Besprekingsessie
11. Invul van Gemeenskapgesondheid vraelys

## Aplikant / Aansoeker

NABAS DIAMANTE (EDMS) BPK

## Agent, Geoloog and Projek bestuurder


NDi GEOLOGICAL CONSULTING SERVICES PTY (LTD)

## Onafhanklike Omgewingsevaluerings-praktisyn

NEC NALEDZI ENVIRONMENTAL CONSULTANTS (Pty) Ltd

# PROJEK AGTERGROND & LIGGING

- Nabas besit tans die prospekteerregte (NC 501 PR) vir spoeldiamante op ’n gedeelte van die Restant van die Plaas Richtersveld Nr. 11 (Grasdrift) wat 2692 ha beslaan.
- Grasdrift/mynreg-gebied is gelëe op die linkeroewer van die Oranjerivier binne die Ai Ais Richtersveld Nasionale Park in Richtersveld plaaslike munisipaliteit in die jurisdiksie van Namakwa-Distriksraad.
- Toegang tot die gebied word verkry d.m.v ’n 80km grondpad deur die park na Kokerboomkloof en Grasdrift.
- Die regte is registreer in 2017 en Nabas is reeds bedrywig vanaf 2018 by Grasdrift met eksplorasie werk waarvan die resultate dui op die beskikbaarheid van 250, 000 karat hoëwaarde diamante wat d.m.v konvensionele oopgroefmyn metodes ontgin kan word oor ’n mynlewensduur van 30 jaar.
- Gegewe die resultate het Nabas nou ook aansoek gedoen vir die mynreg oor die selfde gebied by die DMHE (Verwys. Nr. NCS 30/5/1/2/2/10211 MR) .
- **Die Richtersveld Nama-gemeenskap deur Nabas Trust, is ’n direkte aandeelhouer in Nabas Diamante (Edms) Bpk.**


N
W
S
Sendelingsdrift
ORANGE RIVER
RICHTERSVELD
NATIONAL PARK
Aussenkehr
ACCESS ROAD
GRASDRIFT
MINING
ANNIS
SANDDRIF
BRANDKAROS
KUBOES
ORANJEMUND
ALEXANDER BAY
ALEXANDER BAY/ -BAAI
HOLGAT
R382
EKSTEENFONTEIN
LEKKERSING
KOTZESHOOP
NOORD
VIOOLSDRIF
KOSIES
UHABI


Legend
Aussenkehr
Kokerboomkloof
Mynreggebied
Riviere, strome
Toeganspaaie
Kokerboomkloof
Grasdrift
Aussenkehr
Grasdrift Myn
Google Earth
3 km
N

# PROJEK AGTERGROND & LIGGING

- Daar is bestaande delwery infrastruktuur by Grasdrift gevestig gedurende die eksplorasie program. Naamlik:
  - Sif-en Sorteeraanleg in die suidelike deel van myngrond
  - Toeganspaaie
  - Baksteengeboue en staalstrukture
  - Gruismonstergroewe en bogrond hope
  - Droë slikdam, verdamping and staaldamme
  - Landingstrook
  - Waterontrekpunte vanaf die Oranjerivier vir die verbruik van 100 000 liter by die aanleg

- Geen rehabilitasie is nog gedoen nie.

- Die infrastruktuur sal hergebruik word vir die doeleindes van die delwery. Rehabilitasie sal tydens die mynreg tydperd geskied.

# PROJEK LIGGING BINNE NASIONALE PARK

- Aansoek gebied is gelë binne die Ai Ais Richteresveld Nasionale Park asook Oorgrenspark.

- Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap Wêrelderfenisgebied.

- Let wel die prospekteerreg aansoek is reeds in 2004 by DMHE geproseseer voor die Wet op Beskermde gebiede (Wet 57 van 2003) in werking getrëe het in Februarie 2004. Weens DMHE se interne prosesse is die regte eers uitgereik in 2017.

- Artikel 48 van die Wet op Beskermde gebiede bepaal dat geen persoon prospekteer-of mynaktiwiteite mag doen in beskerme gebiede sonder vooraf toestemming vanaf die Ministers van Minerale Hulpbronne en Omgewingsake.


- Die wet maak ook toegewing vir prospekteer en mynbou wat wettiglik plaasgevind het voor die inwerktreding van die wet, om voort te gaan in beskermde gebiede maar dat die impak op die betrokke gebied verminder moet word en die mynbou gebied nie mag toeneem nie.

- Die mynreg aansoekgebied beslaan dus die selfde gebied as die prospekteerreg.

- Die DMHE het die mynreg-aansoek aanvaar en die wetlike bepaling sal in die omgewingsverslaggewing uiteengesit word.

# PROJEK OORSIG – GRASDRIFT DIAMANTDELWERY

- **Delwery sal plaasvind buite die Oranjerivier vloedvlakte!**
- Vlak oopgroefmyn (diepte van 20m) wat diamantgruis sal uitgrawe, laai en vervoer en dan verwerk in 'n 'Sif-en Sorteeraanleg'.
- Alle uitskot materiaal sal gebruik word vir gelyktydige opvul en rehabilitasie van uitgemynde areas.
- Delwery sal bestaan uit 3 seksies/blokke met 'n 'Sif en Sorteeraanleg' opgerig in elk.
- Verwerkingskapasiteit:
  - 300 000 ton/maand wees
  - 71 000 ton/ aanleg
  - Mynlewensduur van 30 jaar


Legend
Aussenkehr
Kokerboomkloof
Mynreggebied
Riviere, strome
Toeganspaaie
Seksie 1
Seksie 2
Seksie 3
Aussenkehr
Grasdrift Myn
Aussenkehr
Google Earth
1 km

# PROJEK OORSIG – GRASDRIFT DIAMANTDELWERY

- Die volgende infrastruktuur sal benodig word. (Let wel van die infrastruktuur bestaan reeds en sal net hergebruik word):
  - Bestaande toeganspaaie sal gebruik word.
  - Baksteen en staal strukture sal opgeknap en hergebruik word.
  - Verwerkingsaanleg (1ha) in elke mynblok/seksie bestaande uit:
    - Sifaanleg (Rotary Pan)
    - Sorteeraanleg/masjien
    - Slik dam (minimum kapasiteit an 110 000m3/maand)
    - Geslote sisteem gebruik om slik en watergebruik te verminder.
    - Die verwerkings proses lewer baie min slik en sal na die slikdam gepomp word om te verdamp. Droë slik en ander uitskot sal gebruik word vir opvul van uitgemynde areas.
  - 6 ha Besoedelingsbeheer dam
  - 3 Bogrond hope (vir later opvul van uitgemynde areas)
  - 23.5m3 Dieselstoorplek
  - 0.5ha Kontrakteurs area
  - Stofbeheer en stormwater infrastruktuur

# MYN SKEDULE

- Delwerye volg nie n mynvolgorde nie. Die herwinningskoerse bepaal hoofsaaklik watter area gemyn word.

- **Seksie 1** is daar reeds 'n aanleg en myntoerusting wat slegs opgradeer moet word vir hoër produksiekapasiteit. Nuwe slik dam sal gebou word.

- **Seksie 2** sal die ou aanlegterrein asook bestaande slim dam gebruik word.

- **Seksie 3** is geleë in die Noordelike gedeelte van die myn maar die plasing van die aanleg en myn skedule in die blok sal later bepaal word afhangende van herwinningkoerse.

- **Twee kontrakteurs sal die gebied gelyktydig myn. Twee aanlegte sal gelyktydig loop in seksie 1 en 2.**

# DIENSTE

- **Watervereistes:**
  - 80 000 – 100 000 m3 water sal per maande ontrek word vanaf die Oranjerivier
  - Drinkwater sal in JoJo tanks gestoor word
  - Proseswater sal in 3 damme gestuur word (0.5ha elk)
  - Water-pyplyn sal aangelê word om water vanuit rivier na aanlegte te gelei

- **Krag:**
  - Kragopwekkers sal die aanlegte, woonkwartiere as ook waterpomple voorsien.

- **Riool:** Ablusiefasiliteite en kompak Riool-behandelings-aanleg sal opgerig word.

# GEMEENSKAPS VOORDEEL

- **20% AANDEEL in Nabas Diamante en myn**
- **Werksgeleenthede**
  - Alle beginner- en intreevlakposte sal vanuit die plaaslike gemeenskap gevul word.

- **Opleidingsgeleenthede** sal aan plaaslike gemeenskapslede gebied word.

- Verdere inligting sal volg in die SLP voorlegging hierna.

# WETLIKE VEREISTES

- Mynreg en Gemeenskaps en Arbeidsplan itv Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleumhulpbronne, 2002 (Wet 22 van 2002
- **Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 2014 Omgewingsimpak Studie Regulasies (SK. 326, 324, 325 en 327)**
  - Vereis aansoek om omgewingsmagtiging
  - Vir aantal gelysde aktiwiteite uiteengesit in SK. Nr. 324, 325 asook 327
- **Nasionale Omgewingsbestuurs: Afvalwet (Wet 28 van 2008)**
  - Vereis aansoek vir afvalbestuurslisensie (i.e. Slikdamme, Besoedlingsbeheerdam, bogrond hope)
  - Vir aantal gereguleerde afvalbestuuraktiwiteite gelys onder SK. Nr. 633 en Nr. 921 gepubliseer onder the NOB:AW)
- **Beide aansoeke is onderhewig aan ’n Omgewingsimpak Studie proses.**

# WETLIKE VEREISTES

- **Nasionale Waterwet (Wet 36 of 1998) (NWW)**
  - Vereis watergebruiklisensie vir watergebruike omskryf in artikel 21 van NWW.
  - Nabas sal aansoek doen vir artikel 21 (a) (b) (c) (i) asook (g) watergebruike nl.
    - S21a – Ontrekking van water uit Oranjerivier (2 ontrekkingspunte)
    - S21b – Stoor van water in 3 damme
    - S21 c en i: Ontrekkings punte by rivier asook enige infrastruktuur binne die gereguleerde area van ander strome op die myngebied.
    - 21g: Bou en bedryf van 'n kompakte Rioolbehandelings-aanleg, slik damme, besoedelingsbeheer dam.
- Die watergebruiklisensie-aansoek sal in gedien word by Dept. Water en Sanitasie: Upington.

# HOE WERK N OIS?

- 300 dae OIS proses volgens die OIS-Regulasie riglyne
- Proses moet behartig word deur n onafhanklike OEP
- Die proses bestaan uit 3 fases:



# DOEL VAN DIE OIS

- Identifiseer moontlike omgewings-en sosiale impakte van projek in Omvangsbepalings-verslag.
- Evalueer die omgewingsimpakte van 'n projek in n Omgewingsimpak-verslag.
- Ondersoek en beveel daarvolgens bestuurs maatreëls aan wat nagekom moet word, indien magtiging toegestaan word in n Omgewingsbestuursplan (OBP).
- Die OBP maak aanbevelings vir beide konstruksie, bedryf asook rehabilitasie van die delwery en sluit n kosteberaming in wat Nabas moet inbetaal by DMHE om voorsiening te maak vir rehabilitasie van uitgemynde areas.
- Dit lig die DMHE asook die publiek in oor die omgewings- en sosiale gevolge van die projek en bied geleentheid om insae te lewer.

# SPESIALIS INSAE

Spesialis-studies is ŉ deurslaggewende komponent van die OIS-proses en vorm die basis vir die OIS. Die volgende studies sal voltooi word:

- Erfenisimpak Studie
- Lessenaar Paleontologiese Studie
- Hidrologiese-impakstudie insl.
  - Mynwater verbruikbalans
  - Vloedlynbepaling
  - Stormwater bestuursplan
- Geohidrologiese-impakstudies
- Akwatiese Biodiversiteit en Vleiland-impak Studie.
- Ekologiese Studies (Fauna, Flora, Avifauna)
- Grond, Landboupotensiaal, Grondgebruikvermo studie
- Hidropedologie-assesering
- Geraas, Luggehalte (stof), Visuele impakstudies
- Sosio-ekonomiese impak bepaling
- Gemeenskaps gesondheid studie

# PUBLIEKE DEELNAME PROSES

- Sleutelvereiste van OIS-regulasies
- Die doel van die PDP is om B&GPe te betrek en ŉ geleentheid te bied om geldige menings oor die omgewings asook sosiale impakte van die aansoek te lig.
- Vir die OEP is dit ŉ geleentheid om inligting te deel en inligting in te win vir die OIS proses en om moontlike projek gevolge te identifiseer vir verslaggewing.
- Word ten einde geinkorporeer in alle omgewingsverslae en voorgelê and DMHE.



| AKTIWITEIT | BESKRYWING | TYDPERK |
|---|---|---|
| Omvangsbepaling (Kondig projek aan) | **<u>1ste Rondte</u>**<br>Bied 30-dae geleentheid vir registrasie en insae van B&GPe met AID<br>Publieke vergaderings | **4 Nov – 5 Des 2022**<br>**(15, 16 en 17 Nov)** |
| Konsep-Omvangsbepalings-verslag (OBV) | **<u>2de Rondte</u>**<br>Konsep Omvangsbepalings-verslag beskikbaar vir 30-dae publieke kommentaar | **Januarie tot Februarie 2023** |
| Finale OBV | Dien in by DMHE | **Februarie 2023** |
| Spesialis Studies | **Veldwerk, verslaggewing** | **Feb - Maart 2023** |
| Konsep-Omgewingsimpak Verslag en OBP | **3de Rondte**<br>Konsep Omgewingsimpak-verslag beskikbaar vir 30-dae publieke kommentaar<br>Publieke vergaderings | **May-Junie 2023** |
| Finale Omgewingsimpak-verslag en OBP | Dien finale verslae in by DMHE vir besluitneming | **Einde Jullie 2023** |
| Omgewingsmagtiging en Afvalbestuurslisensie | DMHE reik magitings uit<br>Naledzi stel B&GPe in kennis | **November 2023** |

# VOLGENDE STAPPE

- Vinnige oorsig van Gemeenskaps en Arbeidsplan asook vraelys vir Gesondheids studie.
- Gemeenskaps publieke vergaderings 16-17 Nov asook vergaderings met plaaslike en distriksraad.
- Berei notules vir die vergaderings voor en deel met bywoners. Som die insae op.
- Terreinbesoeke aan Grasdrift en inligting sal ingewin word deur spesialiste.
- Sodra die registrasie periode verskryk 5 Des sal die Konsep-Omvangsbepaling verslag voorberei word en die publieke sowel as spesialist insae geinkorporeer word en die verslag beskikbaar gestel word in Januarie 2023.

# Omgewingsevaluerings Praktisyn

Unit 112, the Office Park, Schoeman Street, Polokwane, 0699

**Desmond Musetsho / Marissa Botha / Thendo Matsenene**

083-410-1477

084 226 5584

dmusetsho@naledzi.co.za
botham@naledzi.co.za

www.naledzi.co.za

PUBLIEKE DEELNAME

NABAS DIAMONDS (PTY) LTD

GEOLOGICAL CONSULTING SERVICES PTY (LTD)

# SOCIAL AND LABOUR PLAN

# Role Players

**The Applicant:**
- Nabas Diamonds Pty(Ltd)

**Independent Environmental Consultant:**
- Ndi Geological Consulting Services

**Relevant Authority:**
- Department of Mineral Resources (Northern Cape )

**Interested and Affected Parties (I&APs):**
- District Municipality
- Local Municipality
- Host Community
- Land Owners
- Surrounding farm owners/Landowners or lawful occupiers on adjacent properties

# SOCIAL AND LABOUR PLAN LOCAL ECONOMIC DEVELOPME NT PROJECTS

**Project Description**

Nabas Diamonds intent is to focus efforts in the support of existing education aimed at future generations to create food security for their communities. In order to achieve this basic survival, Nabas Diamonds identified the need to establish and support greenhouse projects in the target communities. Also, an educations drive that will impart the necessary knowledge to households to consume nutritional herbs and vegetables that are easily grown and sourced locally.

It's worth noting that Nabas Diamonds will be operate on the border of two municipalities that are adjacent to each other, totalling six communities. Throughout the life of the mine, the identified LED projects will be implemented in order of priority based on each community's needs. Communities will have the option to vote on which project should be done first and which community should benefit first. Nabas Diamonds, in collaboration with all stakeholders, will identify collaborative options to guarantee that the LED contribution to all communities is maximized to the full advantage of local communities and labor sending areas.

SOCIAL AND LABOUR PLAN LOCAL ECONOMIC DEVELOPMENT PROJECTS

# Project 1: Provision of Greenhouse - Alexander Bay High School (ABHS)

| **Project name** | Name of project | | | Classification of project | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Provision of Greenhouse - Alexander Bay High School (ABHS ) | | | Education and Food Security | | | |
| **Background** | Access to healthy nutrition, such as vegetables, which is essential for good health, is currently limited to purchases at local retail stores. The majority, if not all, of the vegetables sold in these stores are imported from other regions. The transportation costs impose a high purchase and sale price on poor households, making it difficult to buy and consume the daily requirement of vegetables. Some households have their own vegetable gardens , but this does not address the issues of malnutrition and a diet lacking in essential minerals and vitamins. | | | | | | |
| **Location** | District M | Local M | Farm name | Project start date | | Project end date | |
| | | | | Year 1 | | Year 5 | |
| **Output** | KPA | KPI | Responsible entity (all role players) | Quarterly timelines and year | Quarterly timelines and year | Quarterly timeline s and year | Budget |
| | Refurbishment of ABHS greenhouses and establishment of crops | Provision for unforeseen expenses in support of the LED projects | Nabas Diamonds<br>ABHS School | | | | R720 000 |
| **Classification of jobs** | No. jobs created | Adult male | Adult female | Youth male | Youth female | Total | Comments |
| **Term** – **Short** | **Cannot be determined at this stage** | | | | | | N/A |
| **Term** – **Medium** | | | | | | | N/A |
| **Term** – **Long** | | | | | | | |

SOCIAL AND LABOUR PLAN LOCAL ECONOMIC DEVELOPMENT PROJECTS

# Project 2: Provision of Greenhouse – Communities around the mining operations

| **Project name** | Name of project | | | Classification of project | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Provision of Greenhouse - (4) Four Communities | | | Poverty Eradication | | | |
| **Background** | Access to healthy nutrition, such as vegetables, which is essential for good health, is currently limited to purchases at local retail stores. The majority, if not all, of the vegetables sold in these stores are imported from other regions. The transportation costs impose a high purchase and sale price on poor households, making it difficult to buy and consume the daily requirement of vegetables. Some households have their own vegetable gardens, but this does not address the issues of malnutrition and a diet lacking in essential minerals and vitamins. | | | | | | |
| **Location** | District M | Local M | Farm name | Project start date | | Project end date | |
| | | | | Year 1 | | Year 5 | |
| **Output** | KPA | KPI | Responsible entity (all role players) | Quarterly timelines and year | Quarterly timelines and year | Quarterly timelines and year | Budget |
| | Provision for unforeseen expenses in support of the LED projects | Capital to establish Greenhouse – Community | Nabas Diamonds<br>Host Communities | | | | R400 000 |
| **Classification of jobs** | No. jobs created | Adult male | Adult female | Youth male | Youth female | Total | Comments |
| **Term** – **Short** | **Cannot be determined at this stage** | | | | | | N/A |
| **Term** – **Medium** | | | | | | | N/A |
| **Term** – **Long** | | | | | | | |

**Datum: 9 Desember 2022**

**Aandag:** Annemarie de Wet

Richtersveld GEV/CPA
07 Frikkie Snyman Laan
Alexanderbaai
8290

**SOCIAL LABOUR PLAN / SOSIALE EN GEMEENSKAPSARBEIDS-PLAN**

**VOORGESTELDE GRASDRIFT DIAMANT DELWERY DEUR NABAS DIAMANTE (EDMS) BPK OF THE LINKER OEWER VAN DIE ORANJE RIVIER OP DIE RESTANT VAN PLAAS NO. 18, RICHTERSVELD PLAASLIKE MUNISIPALITEIT, NAMAKWA DISTRIK, NOORD-KAAP**

**DMRE Ref no. NCS 30/5/1/2/2/10211 MR**

Naledzi Omgewingskonsultante het 'n versoek ontvang gedurende die 16 en 17 November 2022 gemeenskapsvergaderings vir die projek, om die voorgestelde lys van 'SLP' projekte te deel sodat die gemeenskap dit kan hersien en gesamentlik insae lewer.

Vind hieronder asseblief die voorgestelde LED-projekte in volgorde van prioriteit; ek het hulle gekonsolideer aangesien die behoeftee dieselfde was in alle gemeenskappe. Let wel dit is nie Nabas goedgekeurde projekte nie. Dit is die voorstelle vanuit die gemeenskap waaruit Nabas dan kan kies wat om te implementeer as deel van SLP.

1. **Gesondheidsorg**
   a) Verskaf van mediese diense (mobiele kliniek). Volgens die gemeenskap het die fasiliteite wat wel beskikbaar is, óf nie personeel (verpleegsters) nie, óf is sonder mediese voorraad. Die myn kan hul kliniekdienste minstens een keer per week stuur om die gemeenskap te monitor en om om-te-sien na hul mediese behoeftes (indien hulle het).

2. **Onderrig**
   a) Leerdervervoer vir skoolliere wat daagliks moet pendel tussen skool en huis instede van om in die koshuis te bly.
   b) Toegang tot rekenaar met internet vir gemeenskap se jeug en skoolliere.
   c) Betaling van toelae aan assisstent-onderwysers siende dat die Departement van Onderwys hul nie gereeld betaal nie.

**3. Infrastruktuur**

a) Voorsien van skoon drinkwater. Gemeenskappe maak staat op brakwater van boorgate af.

b) Verbeter die toestand van paaie na gemeenskappe.

**PROJEKTE WAT GRASDRIFT MYN KAN OORWEEG BUITE DIE SLP:**

- Sopkombuis
- Alkohol- en dwelmmisbruik sentrum
- Kweekhuise

**MENSLIKE HULPBRONONTWIKKELING (HR)**

**1. Beurse**

Stuur gemeenskap eerder na verpleeg- en onderwyserskolleges instead van wildbewaardersbeurse.

**2. Vaardigheidsopleiding**

- Die jeug moet oorweeg word vir skaars vaardighede.
- Die myn moet indiensopleiding aan gemeenskappe verseker sodat hul oor die nodige vaardighede kan beskik vir toekomstige werksgeleenthede by the myn.


**3. Aankoop en 'SMME' Ontwikkeling**

Gemeenskap moet voorkeur geniet wanneer dit kom by aankope en indiensneming van klein maatskappye wanneer daar projekte is by die myn.

Ons vra graag dat die gemeenksap hul insae op die bogenoemde SLP voorstelle lewer teen middel Januarie 2023.

Byvoorbaat dankie.

Groete,



Marissa Botha (*Pr.Sci.Nat*)
Naledzi Omgewingskonsultante (Edms) Bpk
Eenheid 112, the Office Park, Erf 352
Schoeman Straat, Polokwane, 0700
Sel: 084 226 5584
E-pos: botham@naledzi.co.za

Alternatiewelik, skakel die projek OEP:
Prof. Desmond Musetsho by 083-410-1477 of u kan 'n epos stuur aan dmusetsho@naledzi.co.za

# NOTULE VAN VERGADERING BY EKSTEENFONTEIN

## Omgewingsimpak Studie (OIS) – Omvangsbepalings Fase Publieke Deelname (Projek Aankondiging)

| | |
|---|---|
| **Onderwerp** | **Voorgestelde Grasdrift Delwery deur Nabas Diamante (Edms) Bpk**<br>Aansoek vir 'n Mynreg, Omgewingsmagtiging, 'n Afvalbestuurslisensie asook Watergebruiklisensie.<br><br>**DMRE Verwysings no. NC 30/5/1/2/2/10211 MR** |
| **Datum en tyd** | 16 November 2022, 14:00 – 16:00 |
| **Plek** | Eksteenfontein Saal, Richtersveld |
| **Voorsitter** | Marissa Botha, Naledzi Omgewingskonsultante (Edms) Bpk (MB) |
| **Teenwoordig** | **Naledzi Omgewingskonsultante**<br>Marissa Botha (MB)<br>Thendo Matsenene (TM)<br>**NDI Geologiese Konsultante**<br>Solly Olifant (SO)<br>Lesego Masao (LM)<br>**Eksteenfontein gemeenskapslede**<br><br>Verwys asseblief na die aangehegde **getekende bywoningsregister as Bylae A.** |
| **Verskonings** | Geen |
| **Doel** | • Projek inligting oor te dra<br>• Wetlike vereistes en bestek van die OIS te verduidelik<br>• Insette te verkry oor die genoemde projek wat oorweeg en aangespreek moet word in die OIS-proses.<br>• Konsep Maatskaplike-en Arbeidsplan te bespreek;<br>• Inligting te verkry oor die stand van gemeenskapsgesondheid en beskikbaarheid van gesondheids dienste. |
| **Inhoud van Notule** | 1. Voorlegging<br>2. Besprekings<br>3. Maatskaplike-en Arbeidsplan<br>4. Gemeenksaps gesondheids vraelys<br>5. Afsluiting<br>6. Aksie Items<br><br>Die volledige **PowerPoint-voorlegging** is **aangeheg as Bylae B.** Weens beurtkrag kon die voorlegging nie vertoon word gedurende die vergadering nie, maar al die aspekte soos uiteengesit in die voorlegging is bespreek. |

## 1. VOORLEGGING

| Item nr. | Agenda Item |
|---|---|
| 1.1 | **Verwelkoming en Bekendstelling** |

MB het die vergadering geopen en almal verwelkom. Daarna is die projekspan voorgestel.

MB noem dat Nabas Diamante aansoek gedoen het vir 'n mynreg en NDI Geologiese Konsultante tree op as hul agent en projek bestuurder en is ook verantwoordelik vir die opstel van die Konsep Maatskaplike- en Arbeids Plan (MAP). NDI het Naledzi Omgewingskonsultante aangestel as die onafhanklike omgewings-evaluerings-praktisyn om die Omgewingsimpak studie (OIS) te doen vir die genoemde projek.

| | |
|---|---|
| 1.2 | **Aanvaarding van die Agenda** |

Die besprekingspunte op die agenda is genoem en aanvaar deur die teenwoordig.Dit is uitgewys weens beurtkrag sal die voorlegging nie getoon kan word nie, maar sal wel beskikbaar wees saam met die vergadering notule.

| | |
|---|---|
| 1.3 | **Projek Agtergrond en Ligging** |

**1.3.1 Agtergrond**

MB noem dat Nabas die prospekteerreg (NC 501 PR) vir spoeldiamante besit by Grasdrift in die Richtersveld Nasionale Park vanaf 2017. Die myngebied (2692-ha) is geleë op die linkeroewer van die Oranjerivier op 'n gedeelte van die Restant van die Plaas Nr. 18[1]. Toegang tot die gebied is deur die RNP oor Akkedispas of Helskloofpas.

Die Grasdrift prospekteerbedrywighede het begin in 2018 en die resultate is gunstig daarom het Nabas nou aansoek gedoen vir die mynreg oor die selfde gebied by die Departement van Minerale Hulpbronne en Energie (DMHE).

Bestaande prospekteer infrastruktuur by Grasdrift sal hergebruik word vir die doeleindes van die delwery nl.

- Herwinningsaanleg
- Toegangspaaie, baksteengeboue en staalstukture
- Gruismonstergroewe en uitskot hope
- Slikdam, staaldamme
- Landingstrook
- Water-ontrekkingspunte vanaf die Oranjerivier

Geen rehabilitasie in nog gedoen nie en sal tydens die mynreg tydperk geskied.

**1.3.2 Ligging**

Die mynreg gebied is gelëe binne die Richtersveld Nasionale – en Oorgrens Park, ook moonlik die buffer van die Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap Wêreld-erfenisgebied.

Die Wet op Beskermde Gebiede verbied prospekteer/mynbou binne beskermde gebiede maar maak wel toegewing daarvoor, indien dit wettiglik plaasgevind het voor die inwerktreding van die wet (2004) en solank die myngebied nie toeneem nie.

Nabas se prospekteerreg is reeds voor 2004 by die DMHE verwerk en in 2017 uitgereik. Die myreg-aansoek strek oor dieselfde gebied as die prospekteerreg sin. DMHE het die aansoek aanvaar NC 30/5/1/2/2/10211 MR) en die wet bepaal dat die OIS moet volg.

[1] Ons vra hiermee onverskoning dit is verkeerdelik uitgewys in die vergadering as Plaas Nr. 11 maar in werklikeheid Plaas Nr. 18.

| 1.4 | Projek Oorsig |
|---|---|

MB het d.m.v ŉ liggingskaart in die AID uitgewys dat die aansoekgebied beperk is tot Suid-Afrika. Geen mynbou word beplan onder the Oranjerivier vloedvlakte nie. Die diamante sal ontgin word vanuit die gruisterrasse bo dit d.m.v. vlak oopgroepmyn metodes (20m diep).

Die gruis sal uitgegrawe word en met vragmotors vervoer na ŉ skuifbare sifmasjien, waar sand en die grootste klippe uitgesif word. Die oorblywende gruis word dan na die herwinninsaanleg vervoer. Alle uitskot material (d.w.s sand, oorgroot klippe, fyn materiaal vanaf aanleg) sal gebruik word om die uitgemynde areas weer op te vul en rehabiliteer.

Die myngebied sal opgedeel word in drie seksies met ŉ herwinningsaanleg in elk nl.

- Seksie 1 in suide van myngebied waar daar reeds ŉ aanleg en myntoerusting opgerig is.
- Seksie 2 in die middel van die myngebied by die ou aanlegterrein
- Seksie 3 gelëe in die noordelike gedeelte van die myngebied waar die plasing van infrastruktuur later bepaal sal word.

Die myn sal 300 000 ton/maand verwerk met ŉ lewensduur van 30 jaar. MB het die benodigde myninfrastruktuur genoem (verwys na bladsy 11 van die voorlegging).

Twee kontrakteurs sal die gebied gelyktydig myn by Seksie 1 en 2. Seksie 3 sal later volg.

MB het die diensvereistes vir die myn uitgewys (verwys na bladsy 13 van voorlegging) nl:

- 80 000 – 100 000$m^3$ water per maand sal ontrek word vanuit die Oranjerivier
- ŉ Waterpyplyn sal aangelê word om die water na die aanlegte te gelei
- Drinkwater sal in JOJO tanks gestoor word en proseswater in staaldamme.
- Kragopwekkers sal die aanlegte, woonkwartiere en waterpompe voorsien van elektrisiteit.
- 'French drains' word tans gebruik by the myn vir riool behandeling maar daar is sprake dat daar moontlike ŉ Riool-behandelings-aanleg opgerig sal word.

Volgens Nabas sal die gemeenskap 20% aandeel in the myn besit in die vorm van ŉ Trust en ook voordeel geniet uit werks-en opleidingsgeleenthede.

| 1.5 | Wetlike vereistes |
|---|---|

MB het kortliks die wetlike vereistes vir die projek uitgewys (verwys na bladsy 15 van die voorlegging) nl.

- Aanoek vir die volgende by DMHE in Springbok:
    - ŉ Mynreg en goedgekeurde Gemeenskaps-en Arbeidsplan
    - Omgewingsmagtiging en ŉ afvalbestuurslisensie onderhewig aan ŉ OIS-proses
- Aansoek vir watergebruiklisensie by die Departement van Water en Sanitasie in Upington

| 1.6 | OIS en Publieke Deelname Proses |
|---|---|

MB noem dat die OIS en publieke deelname proses streng gevolg word volgens die OIS-Regulasies riglyne en bestaan uit die drie fases wat elk vergesel word deur ŉ rondte publieke deelname (verwys na bladsy 17 – 20 van voorlegging).

Die doel van die studie is om die moontlike omgewings-en sosiale impakte van die projek te bepaal deur dit te ondersoek, evalueer en ten einde te bestuur volgens ŉ goedgekeurde Omgewingsbestuurs Plan (OBP).

Die OBP sal as deel van die OIS ingehandig word vir goedkeuring by DMHE. Die plan sal al die kwessies (d.w.s myn, water, riool, afval beheer, woonkwartiere ens) aanspreek en is bindend op die mynreg houer. Onafhanklike Omgewings Konsultante sal verantwoordelik wees vir die monitering van die OBP en die DMHE sal dit opvolg met nakomings-oudits.

| |
|---|
| Die genoemde verslae van die OIS word ingelig deur spesialis studies. Naledzi sal die volgende studies voltooi as deel van die proses:<br>• Erfenisimpak en Palaeontologies Studie<br>• Hidrologiese en Geohidrologiese-impak Studies<br>• Biodiversiteits Studies (Akwaties, Vleiland, Hidropedologies, Diere, Voëls, Plante)<br>• Grondgebruiksvermoë studie<br>• Geraas, Luggehalte (stof) asook Visuele impakstudie<br>• Sosio-ekonomiese impak studie<br>• Gemeenkskaps Gesondheids Studie |
| **Publieke Deelname**<br>Die publieke deelname proses gee die Omgewingskonsultant die geleentheid om die bogenoemde projek inligting oor te dra aan die gemeenskap en hul insette te verkry wat uiteindelik oor gedra word aan die DMHE. Drie stelle inligting word met die publiek gedeel gedurende die OIS proses nl.<br><br>• Rondte 1 –Agtergronds Inligting Dokument (AID) wat die publiek die geleentheid gee om te registreer op die projek databasis en insae te lewer d.m.v geskrewe kommentaar, publieke vergaderings by te woon.<br>• Rondte 2 –Omvangsbepalings-verslag (OBV) wat beskikbaar gestel word vir die publiek om insae te lewer.<br>• Rondte 3 – Die OIS sleutel dokument, Omgewingsimpak-verslag (OIV) en OBP wat beskikbaar gestel word vir die publiek om insae te lewer d.m.v publieke vergaderings en geskrewe kommentaar.<br><br>Gedurende elke rondte het die publiek 30-dae geleentheid om insette te lewer.<br><br>MB het die Grasdrift OIS skedule bespreek (verwys na bladsy 21 van voorlegging) en die volgende uitgelig:<br>• **Rondte 1**<br>o Die AID is beskikbaar tot 5 Desember 2022 vir registrasie en insae in elk van die vier dorpies asook Port Nolloth en Alexanderbaai en kan ook afgelaai word vanaf die Naledzi webtuiste.<br>o Gemeenskaps vergarderings vind plaas op 16 en 17 November 2022.<br>o Sodra die registrasie periode verstryk sal die Konsep-OBV voorberei word.<br>• **Rondte 2**<br>o Die OBV sal beskikbaar wees gedurende Januarie to Februarie 2023 by dieselfde lokale as die AID en op die Naledzi webtuiste.<br>o Die OBV sal die projek inligting vervat, wetlike vereistes asook ŉ beskrywing van die myngebied en moontlike impakte wat ondersoek moet word. Rondte 1 se publieke insae sal ook hierin vervat word.<br>• **Rondte 3**<br>o Die OIV en OBP sal beskikbaar wees vanaf Mei tot Junie 2023 soos bo genoem.<br>o Gemeenskaps vergaderings sal plaasvind gedurende die tydperk om die bevindings van die OIS studie te bespreek. |

## 2. BESPREKINGS

| 2 | **Besprekings** |
|---|---|
| 2.1 | **Donavan Smit** merk dat hy gekant is teen mynbou. Daar word baie beloftes gemaak gedurende die aansoek prosesse maar dit word nie nagekom nie. Hoe gaan die gemeenskap baat by die projek? |
| | **MB** noem dat NDI Geologiese Konsultante (LM) verantwoordlik is vir die opstel van die Maatskaplike en Arbeids Plan en sal nou uiteensit hoe die gemeenskap sal baat as die mynreg toegestaan word. Verwys na afdeling 3 hieronder. |
| 2.2 | **Willem Diegaardt** doen navraag:<br>a) Waaroom is SANPARKE nie teenwoordig by die vergadering nie? Die myngebied |

| | |
|---|---|
| | val binne die Richtersveld Nasionale Park wat bestuur word deur SANPARKE.<br>b) Wie is die direkteure van Nabas Diamante (Edms) Bpk?<br>c) Waarom word daar slegs 20% aandeel vir die gemeenskap uitgehou?<br>**Mr Diegaardt noem ook dat:**<br>d) Nabas oppervlakte huur betaal vir die myngebied aan die Richtersveld Plaaslike Munisipaliteit, maar is tans R 3 miljoen agterstallig.<br>e) Daar word genoem dat Nabas slegs prospekteer maar hul myn op kleinskaal. Die tanse infrastruktuur is vir myn nie prospekteer nie. |
| | **MB** terugvoer:<br>a) SANPARKE is skriftelik in kennis gestel van die projek en publieke vergaderings. Ons het hul voorsien met 'n kennisgewinsbrief en AID per epos. Hul het ontvangs erken en sal skriftelik kommentaar lewer op die AID. Ons beoog ook om met SANPARKE te vergader (virtuel/in persoon) sodra die OBV beskikbaar is in Januarie 2023.<br>b) Ons skakel tans slegs met Direkteur Mr Mushtaq Jhatam vanaf Nabas Diamante (Edms) Bpk.<br>**LM** terugvoer**:**<br>c) Die nuwe 2018 Mynbou Handves spesifiseer nie die persentasie aandeelhouding wat aan gemeenskappe toegestaan moet word nie, dit hang van die myndireksie af. Nabas se bedoeling is om 20% aandele oortedra aan die gemeenskappe.<br>**MB** terugvoer:<br>d) Naledzi is slegs betrokke by die OIS proses en kan geen uitlatings maak i.v.m Nabas se huurooreenkomste en of betalings nie.<br>e) Neem kennis dat Nabas slegs mynbou proewe doen (t.o.v diamantopbrengs) by Grasdrift en is beperk t.o.v. die tonnemaat wat hul kan verwerk en het slegs een werkende herwinningsaanleg op die terrein. Hul kan eers hul produksie verhoog sodra/indien die mynreg uitgereik word en daarom die huidige aansoekproses. |
| 2.3 | **Dimitri Farmer** noem dat:<br>Daar is talle beweerde onwettige delwers teen die Oranjerivier, maar die DMHE ondersteun nie die gemeenskap om dit stop te sit nie. |
| | **MB** terugvoer:<br><br>Nabas is in besit van 'n wettige prospekteerreg toegestaan deur die DMHE vir hul mynbou proewe (t.o.v diamantopbrengs) by Grasdrift. |
| | **Na-vergaderingse nota:**<br>Global Diamonds Resources SA (Edms.) Bpk is die meerderheidsaandeelhouer van Nabas Diamante. Global Diamonds is reeds die prospekteerreg/permit oor Grasdrift toegestaan rondom 1997-2000 (ou orde reg). In 2004 moes alle ou orde regte oorgeskakel word na nuwe orde regte volgens die MPRDA. Nabas Diamante is toe gebruik as die oorkoepelende maatskappy om aansoek te doen vir die nuwe orde prospekteerreg voor die ou orde reg verval het. |
| | |
| 2.4 | **Dimitri Farmer** doen navraag oor:<br>a) Watter toeganspaaie gaan hul gebruik?<br>b) Het Nabas 'n slikdam lisensie?<br>c) Wie behartig Nabas se sorteer aanlegte?<br>d) Vorige myne langs die Oranjerivier het nie hul rehabilitasie gedoen nie. |
| | **MB** terugvoer:<br>a) Toegang tot die myngebied is oor Helskloofpas of Akkedispas.<br>b) 'n Slikdam benodig 'n artikel 21g watergebruik-lisensie en sal deel vorm van die mynreg watergebruik-lisensie aansoek vir die projek.<br>c) Nabas behartig hul eie sorteer/herwinningsaanlegte. Twee kontrakteurs sal gelyktydig die gebied myn en bring hul eie aanlegte terrein toe. |

| | |
|---|---|
| | d) Elke myn is verantwoordlik om hul uitgemynde areas te rehabiliteer en hul omgewings gevolge aan te spreek volgens ŉ goedgekeurde OBP en rehabilitasie plan wat aan die tersaaklike wetgewing voldoen. Die wet vereis drie rehabilitasie planne nl.<br>• 'Jaarlikse rehabilitasieplan' wat die gereelde aktiwiteite wat gedurende die operasionele tydperk van die delwery gedoen moet word;<br>• 'Finale rehabilitasieplan' wat die finale rehabilitasie en 'gebruik van grond' na die my se sluiting insluit.<br>• 'Na-sluitingsplan'.<br><br>Die delwery word ook vereis om ŉ finansiële bepaling vir die rehabilitasie in hul planne in te sluit wat inbetaal moet word by DMHE ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (Wet No. 107 van 1998): Regulasies met betrekking tot die Finansiële Bepaling vir Prospektering, Eksplorasie, Mynbou of Produksiebedrywighede Staatskoerantkennisgewing No. 1147. Die myn word daarna vereis om ŉ Jaarlikse Prestasieplan in te dien by DMHE wat die rehabilitasie vordering meet en oudit.<br><br>Die rehabilitasieplanne en finansiële bepaling sal ingesluit word as deel van die Grasdriftmyn projek se OIS dokumentasie. |

## 3. MAATSKAPLIKE EN ARBEIDSPLAN (MAP)

| 3.1 | Nabas Maatskaplike-en Arbeidsplan (MAP) |
|---|---|

**LM** noem dat Nabas se mynreg-aansoek vergesel moet word deur ŉ Maatskaplike en Arbeidsplan (MAP) in nakoming van die vereistes van die Wet op die Ontwikkeling van Mineraal-en Petroleumhulpbronne van 2002 (MPRDA). Die plan moet voorgelê word aan die DMHE waarin hul uiteensit hoe hul beplan om gemeenskappe in die myngebied te ontwikkel. Die plan moet elke 5 jaar hersien en opdateer word vir die lewensduur van die myn.

Die Minister van Minerale hulpbronne het in 2018 ŉ nuwe Mynbou Handves gepubliseer wat voorstel dat gemeenskappe sekere aandele toegeken moet word in myne. Die persentasie aandele toegestaan is totaal afhanklik van die myndireksie. Nabas se bedoeling is om 20% aandeel van Nabas Diamante toe te ken aan Nabas Trust (Richtersveld Gemeenskaps Trust) sodra die mynreg uitgereik is. Die myn is tans nog in prospekteer fase en kan hom eers verbind aan menslike hulpbronontwikkeling en LED-projekte sodra:

- Die mynreg uitgereik is; en
- Die myn in produksie is.

Nabas Diamante bestaan dus uit drie partye. nl.
- Global Diamond Resources SA (Pty) Ltd (45% aandeel)
- Agnobest 4 (Pty) Ltd (35% aandeel)
- Nabas Trust (20% aandeel) / Richtersveld Gemeenskaps Trust

Nabas het reeds in 2006 besluit om die 20% aandele oortedra aan die gemeenskap in die vorm van ŉ Trust. Omdat die trust akte nog nie uitgereik is nie bestaan die trustees nog uit die maatskappy sekretaresse, rekenmeester en prokureur. Dit sal uiteengesit word in the MAP, dat die trust gestig moet word sodra die akte toegestaan is, daarna sal Nabas die gemeenskap betrek om Trustees te verkies.

Let wel dat die 20% aandeel nie in geldwaarde uitbetaal word aan gemeenskap nie. Die dividende (vergoeding) word in die trust geplaas wat dan gebruik kan word vir gemeenskaps behoeftes bo en behalwe die MAP verpligtinge van die myn.

| | |
|---|---|
| ʼn Konsep plan is beskikbaar vir die eerste 5 jaar van die myn en moet in oorleg met die gemeenskap gefinaliseer word. Die plan fokus op onderwys, opleiding, ontwikkeling en voedselsekerheid d.w.s LED-projekte. Die LED-projekte word gekies vanuit die bestaande Richtersveld Plaaslike Munisipaliteit se beplande IDP-programme.<br><br>Die menslike hulpbronontwikkelingsprogram sal fokus op (voorstelle):<br>• Internskap vir studente<br>• Beurse vir opleiding van studente as veldwagters.<br>• Basiese onderrig en opleiding vir volwassenes<br>• Werknemer werwing<br><br>Sou die gemeenskap eerder ʼn behoefte hê vir ope beurse dan moet dit uitgewys word. Die bogenoemde is slegs voorstelle vanaf Nabas wat hul bereid is om aan te neem.<br><br>Die twee LED-projekte wat Nabas bereid is om te befonds sluit die volgende in:<br>• Opknap van die Kweekhuisprojek by Alexanderbaai Skool ter waarde van R 720 000<br>• Kweekhuisprojekte by elk van die 4 gemeenskappe ter waarde van R 400 000<br><br>Die opbrengs vanaf die kweekhuise kan verbruik; of verkoop word aan die plaaslike kruideniersware winkels. Nabas se totale belegging in die 1ste 5-jaar van die plan is R 1,120 000.<br><br>Die voorgestelde projekte word nie afgedwing op die gemeenskappe nie. Voorstelle oor alternatiewe projekte wat die gemeenskap meer kan baat is ook welkom. Die projekte moet net standhoudend wees. Nabas sal dan die voorstelle oorweeg. Gemeenskappe kan ook kies watter projek eerste gedoen word en watter gemeenskap daarby behoort te baat. Die geïdentifiseerde projekte sal dan in die volgorde van prioriteit geïmplimenteer word.<br><br>Let wel die projekspan gebruik die OIS vergadering ook as ʼn platform om die gemeenskap se behoeftes te bespreek en te verstaan. Die Konsep MAP sal opgedateer word volgens die gemeenskappe se behoeftes.<br><br>Sodra die gemeenskap die opgedateerde plan aanvaar, sal dit ingedien word by DMHE vir goedkeuring en sal daar van die myn verwag word om projekte te implementer.<br><br>Die plan is dan ʼn instrument waarvolgens die gemeenskap Nabas kan oudit. As die vereistes nie nagekom word nie kan die gemeenskap die myn te verkla by DMHE. | |
| Afskrifte van die MAP moet beskikbaar wees by die gemeenskappe se openbare biblioteke sodat hul toegang het tot die plan vir ouditdoeleindes. | |
| **3.2** | **Insette vir projekte vanaf gemeenskapslede** |
| 3.2.1 | **Dimitri Farmer** noem dat:<br>a) Die MAP is pateties. Dis die plaaslike munisipaliteit se verantwoordelikheid om die IDP-projekte te befonds en uit te voer. Die genoemde 20% aandeel van die gemeenskap kan nie gebruik word vir dit nie!<br>b) Die myn moet mense oplei om mynbestuursposte te beklee, nie om arbeiders te wees nie d.w.s.<br>i. Myn ingenieurs<br>ii. Diesel werktuigkundiges<br>c) Die myn werksgeleenthede moet gevul word vanuit die Richtersveld gemeenskap.<br>d) Die voorgestelde 20% gemeenskaps aandeelhouding is te min. Ons stem nie saam met dit nie. Is dit 20% van die totale mynproduksie wins? Wanneer word die dividende uitbetaal?<br>e) Wie is die direkteure van Nabas Diamante? Waarom woon hul nie die vergadering by nie? Ons vra dat Nabas die volgende vergadering bywoon. |

| | |
|---|---|
| | **LM** terugvoer:<br>a) Die voorgestelde projekte word nie afgedwing op die gemeenskappe nie. Jul kan voorstelle maak oor alternatiewe projekte wat die gemeenskap meer kan baat. Die projekspan kan die voorstelle dan lys en verder bespreek met Nabas om in te sluit in die MAP. Die MAP is tans slegs ŉ konsep wat gefinaliseer moet word in oorleg met die gemeenskappe.<br>b) Dit kan ingesluit word as ŉ versoek onder 'Basiese onderrig en opleiding vir volwassenes' asook ope beurse in die MAP.<br>c) Daar is reeds ŉ voorstel dat die gemeenskap/myn 'n Gemeenskaps-skakelbeampte (GLO) aanstel om 'n databasis saam te stel van beskikbare vaardighede en werknemers vanuit die plaaslike gemeenskappe wat deur die myn in diens geneem kan word. Slegs as dit bewys kan word dat die myn nie die vaardigheid plaaslik kan verkry nie, dan kan die myn dit adverteer vir buiteliggende gebiede.<br><br>Vir die gemeenskappe om werksgeleenthede te kry by die myn bv. konstruksie werk ens, is daar ook die opsie om as regspersoon/entiteit te registreer bv. maatskappy/ geslote koöperasie wat al die algemene dienste lewer. Die entiteit moet dan al die nodige dokumente in plek hê (d.w.s Registrasie dokumente, besigheids profiel, belasting nommer/sertifikaat).<br><br>d) Dit sal 20% wees van die dividende verklaar deur die maatskappy aan die einde van elke jaar. Die dividende is die wins na koste aftrekkings. Let wel dat die 20% nie in geldwaarde uitbetaal word aan gemeenskapslede nie, maar aan die trust betaal word bo en behalwe die myn se bydrae as deel van die MAP.<br><br>**MB** terugvoer:<br>e) Soos vroer genoem ons skakel met Mr Mushtaq Jhatam vanaf Nabas Diamante (Edms) Bpk. Ons het in die vorige vergadering ook genoem dat Naledzi ŉ onafhanklike publieke deelname proses behartig met die doel om inligting in te samel vir die OIS onafhanklik van die mynreg aplikant. Naledzi is van mening dat die publiek/gemeenskap vrylik hul mening moet kan lig sonder die teenwoordigheid van die aplikant. Indien nodig sal die aplikant genooi word na toekomstige vergaderings. |
| 3.2.2 | **Agab Cloete/Willem Diegaardt**[2] noem dat:<br>• Die gemeenskap het te veel trusts wat maklik gemanipuleer word. Die gemeenskap sal moet saam besluit oor hoe hierdie 'Nabas Trust' moet lyk. |
| | **LM** terugvoer:<br>Nabas sal in gesprek tree met die gemeenskap sodra die grond oorgedra is. Die gemeenskap moet besluit daaroor. |
| 3.2.3 | **Sarel Fortuin** doen navraag:<br>a) Waar is SANPARKE?<br>b) Die myne mors in die Richtersveld en doen nie rehabilitasie nie.<br>c) Nabas gaan net weer buite mense gebruik om in hul delwery te werk. Ons sien mos hoe werk die Transvalers in die myne. |
| | **MB** terugvoer:<br>a) Soos uitgewys SANPARKE is in kennis gestel en sal skriftelik kommentaar lewer. Naledzi sal met hul vergder sodra die OBV beskikbaar is.<br>b) Verwys na terugvoer onder afdeling 2.4 (d).<br>**LM** terugvoer:<br>c) Nabas moet voldoen aan hul Maatskaplike en Arbeidsplan. Volgens die MAP sal die |

[2] **Naledzi benodig bevestiging**. Op die opname is dit nie duidelik wie die kommentaar gelewer het nie i.e. Willem Diegaardt was teenwoordig maar opname klink dit soos Agab Cloete. Ons is wel bewus dat Aga Cloete Sanddrift verteenwoordig op die GEV kommitee.

| | |
|---|---|
| | plaaslike gemeenskap indiens geneem word sover moontlik. ŉ Maand voor die myn in produksie tree sal hul ŉ vaardigheidsoudit doen in die omliggende gemeenskappe om te bepaal watter vaardighede beskikbaar is en watter werknemers deur die myn in diens geneem kan word.<br><br>Die Konsep Maatskaplike en Arbeidsplan sal beskikbaar gestel word aan die gemeenskap. |
| 3.2.4 | **Jacobus Diegaardt** stel voor:<br>Die gemeenskap moet 30% van die wins ontvang voor koste. Die 20% aandeel is te min. |
| | **LM** terugvoer: Die versoek sal genoem word aan Nabas. |
| **VERWYS NA BYLAE C VIR DIE OPSOMMING VAN PROJEKTE** | |

## 4. GEMEENSKAP GESONDHEIDS VRAELYS

MB het die gemeenskaps vraelys ingevul met insette vanaf die gemeenskapslede teenwoordig. Die volgende is uitgelig:

- Eksteenfontein dorpie het ŉ kliniek maar het nie ŉ kliniek suster nie.
- Die kliniek is oor die algemeen nie toegerus met kroniese medikasie nie.
- Algemene siektes sluit asma, bloeddruk en diabetes in.
- Die gemeenskapslede moet na die Port Nolloth Hospitaal (100km) toe gaan vir algemene behandeling en Upington / Kimberley (530km) vir kroniese behandeling.
- Daar spesifiek alkohol en dwelmmisbruik in die dorpie.
- Daar is ook geen selfoon sein indien jy wou bel in geval van nood nie.

## 5. AFSLUITING

MB het almal teenwoordig bedank vir hul deelname en insette. Die vergadering is verdaag.

## 6. GEIDENTIFISEERDE AKSIE-ITEMS

| Nr. | Aksie Item | Toegewys | Wanneer voltooi |
|---|---|---|---|
| **1** | Die voorgestelde lys van gemeenskapsprojekte moet gedeel word met GEV en gemeenskappe vir verdere insae. | NDI | Sluit in by die MAP. Die lys is deurgestuur aan Richtersveld GEV kantore op 9 Desember 2022 vir insae. |
| **2** | Stuur Konsep Gemeenskap en Arbeidsplan na die Richtersveld gemeenskap per epos. | NDI | Die MAP sal gedeel word in Januarie 2023. |
| **3** | Nabas moet ŉ Gemeenskapskakelbeampte (GLO) aanstel en betaal om ŉ databasis op te stel van beskikbare vaardighede en werknemers binne die gemeenskap vir moontlike aanstellings by die myn. | Nabas | Sal ingesluit word in OBV, OIS verslae as arbeids bestuursmetode. |

# Aanhangels:

## Bylae A- Getekende bywonings register

## Bylae B – PowerPoint-voorlegging

## Bylae C – Voorgestelde Maatskaplike en Arbeidsplan projekte

## 7. AANVAARDING VAN NOTULE:

**a) NALEDZI OMGEWINGSKONSULTANTE**

| | |
|---|---|
| Handtekening | Datum |

**b) NDI GEOLOGIESE KONSULTANTE**

| | |
|---|---|
| Handtekening | Datum |

**c) EKSTEENFONTEIN GEV VERTEENWOORDIGER / GEMEENSKAPSLEDE**

| | |
|---|---|
| Handtekening | Datum |

NALEDZI ENVIRONMENTAL CONSULTANTS

# OMGEWINGSIMPAK STUDIE (OMGEWINGSBEPALING FASE) PUBLIEKE VERGADERINGS

**Nabas Diamante (Edms) Bpk doen aansoek vir Omgewingsmagtiging, 'n Afvalbestuurlisensie asook Watergebruiklisensie vir die voorgestelde Grasdrift Diamant Delwery** (DMRE Verw. NCS 30/5/1/2/2/10211 MR

## BYWONINGS REGISTER – EKSTEENFONTEIN SAAL

**Datum: 16 November 2022**

**Tyd: 14h00**

| NAAM EN VAN | WOONPLEK | EPOS ADRES | KONTAK NOMMER | HANDTEKENING |
|---|---|---|---|---|
| M.A. V/D WESTHUIZEN | — | [redacted] | [redacted] | [redacted] |
| Jolly Olifant | WINDSORTON | [redacted] | [redacted] | [redacted] |
| Thendo Matsevene | Polokwane, LP naledzi | [redacted] | [redacted] | [redacted] |
| Willem Rooi | EKSTEENFONTEIN | [redacted] | [redacted] | [redacted] |
| Jemima Farmer | Eksteenfontein | [redacted] | [redacted] | [redacted] |
| JACOBUS, DIERGAARDT | " | [redacted] | [redacted] | [redacted] |
| Filecia Rooi | Eksteenfontein CPA | [redacted] | [redacted] | [redacted] |

NALEDZI ENVIRONMENTAL CONSULTANTS

## OMGEWINGSIMPAK STUDIE (OMGEWINGSBEPALING FASE) PUBLIEKE VERGADERINGS

**Nabas Diamante (Edms) Bpk doen aansoek vir Omgewingsmagtiging, 'n Afvalbestuurlisensie asook Watergebruiklisensie vir die voorgestelde Grasdrift Diamant Delwery** (DMRE Verw. NCS 30/5/1/2/2/10211 MR

### BYWONINGS REGISTER – EKSTEENFONTEIN SAAL
### Datum: 16 November 2022
### Tyd: 14h00

| NAAM EN VAN | WOONPLEK | EPOS ADRES | KONTAK NOMMER | HANDTEKENING |
|---|---|---|---|---|
| MARISSA BOTHA | POLOKWANE NALEDZI NEC | [redacted] | | |
| Lesego Masao | Kimberley | | | |
| WILLEM Diergaardt | EKSTEENFONTEIN | | | |
| Sarel Fortuin | Eksteenf... | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |

# NOTULE VAN VERGADERING BY LEKKERSING

**Omgewingsimpak Studie (OIS) – Omvangsbepalings Fase Publieke Deelname (Projek Aankondiging)**

| | |
|---|---|
| **Onderwerp** | **Voorgestelde Grasdrift Delwery deur Nabas Diamante (Edms) Bpk**<br>Aansoek vir ŉ Mynreg, Omgewingsmagtiging, ŉ Afvalbestuurslisensie asook Watergebruiklisensie.<br><br>**DMRE Verwysings no. NC 30/5/1/2/2/10211 MR** |
| **Datum en tyd** | 16 November 2022, 10:00 – 12:00 |
| **Plek** | Lekkersing Saal, Richtersveld |
| **Voorsitter** | Marissa Botha, Naledzi Omgewingskonsultante (Edms) Bpk (MB) |
| **Teenwoordig** | **Naledzi Omgewingskonsultante**<br>Marissa Botha (MB)<br>Thendo Matsenene (TM)<br>**NDI Geologiese Konsultante**<br>Solly Olifant (SO)<br>Lesego Masao (LM)<br>**Lekkersing gemeenskapslede**<br><br>Verwys asseblief na die aangehegde **getekende bywoningsregister as Bylae A.** |
| **Verskonings** | Geen |
| **Doel** | • Projek inligting oor te dra<br>• Wetlike vereistes en bestek van die OIS te verduidelik<br>• Insette te verkry oor die genoemde projek wat oorweeg en aangespreek moet word in die OIS-proses.<br>• Konsep Maatskaplike-en Arbeidsplan te bespreek;<br>• Inligting te verkry oor die stand van gemeenskapsgesondheid en beskikbaarheid van gesondheids dienste. |
| **Inhoud van Notule** | 1. Voorlegging<br>2. Besprekings<br>3. Maatskaplike-en Arbeidsplan<br>4. Gemeenksaps gesondheids vraelys<br>5. Afsluiting<br>6. Aksie Items<br><br>Die volledige **PowerPoint-voorlegging** is **aangeheg as Bylae B.** |

## 1. VOORLEGGING

| Item nr. | Agenda Item |
|---|---|
| 1.1 | Verwelkoming en Bekendstelling |

MB het die vergadering geopen en almal verwelkom. Daarna is die projekspan voorgestel.

MB noem dat Nabas Diamante aansoek gedoen het vir ŉ mynreg en NDI Geologiese Konsultante tree op as hul agent en projek bestuurder en is ook verantwoordelik vir die opstel van die Konsep Maatskaplike- en Arbeids Plan (MAP). NDI het Naledzi Omgewingskonsultante aangestel as die onafhanklike omgewings-evaluerings-praktisyn om die Omgewingsimpak studie (OIS) te doen vir die genoemde projek.

**1.2 Aanvaarding van die Agenda**

Die besprekingspunte op die agenda is genoem en aanvaar deur die teenwoordig.

**1.3 Projek Agtergrond en Ligging**

**1.3.1 Agtergrond**

MB noem dat Nabas die prospekteerreg (NC 501 PR) vir spoeldiamante besit by Grasdrift in die Richtersveld Nasionale Park vanaf 2017. Die myngebied (2692-ha) is geleë op die linkeroewer van die Oranjerivier op ŉ gedeelte van die Restant van die Plaas Nr. 18[1]. Toegang tot die gebied is deur die RNP oor Akkedispas of Helskloofpas.

Die Grasdrift prospekteerbedrywighede het begin in 2018 en die resultate is gunstig dus het Nabas nou aansoek gedoen vir die mynreg oor die selfde gebied by die Departement van Minerale Hulpbronne en Energie (DMHE).

Bestaande prospekteer infrastruktuur by Grasdrift sal hergebruik word vir die doeleindes van die delwery nl.

- Herwinningsaanleg
- Toegangspaaie, baksteengeboue en staalstukture
- Gruismonstergroewe en uitskot hope
- Slikdam, staaldamme
- Landingstrook
- Water-ontrekkingspunte vanaf die Oranjerivier

Geen rehabilitasie in nog gedoen nie en sal tydens die mynreg tydperk geskied.

**1.3.2 Ligging**

Die mynreg gebied is gelëe binne die Richtersveld Nasionale – en Oorgrens Park, ook moonlik die buffer van die Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap Wêreld-erfenisgebied.

Die Wet op Beskermde Gebiede verbied prospekteer/mynbou binne beskermde gebiede maar maak wel toegewing daarvoor, indien dit wettiglik plaasgevind het voor die inwerktreding van die wet (2004) en solank die myngebied nie toeneem nie.

Nabas se prospekteerreg is reeds voor 2004 by die DMHE verwerk en in 2017 uitgereik. Die myreg-aansoek strek oor dieselfde gebied as die prospekteerreg sin. DMHE het die aansoek aanvaar NC 30/5/1/2/2/10211 MR) en die wet bepaal dat die OIS moet volg.

[1] Ons vra hiermee onverskoning dit is verkeerdelik uitgewys in die vergadering as Plaas Nr. 11 maar in werklikeheid Plaas Nr. 18.

| 1.4 | Projek Oorsig |
|---|---|

MB het d.m.v ŉ liggingskaart uitgewys dat die aansoekgebied beperk is tot Suid-Afrika. Geen mynbou word beplan onder the Oranjerivier vloedvlakte nie. Die diamante sal ontgin word vanuit die gruisterrasse bo dit d.m.v. vlak oopgroepmyn metodes (20m diep).

Die gruis sal uitgegrawe word en met vragmotors vervoer na ŉ skuifbare sifmasjien, waar sand en die grootste klippe uitgesif word. Die oorblywende gruis word dan na die herwinninsaanleg vervoer. Alle uitskot material (d.w.s sand, oorgroot klippe, fyn materiaal vanaf aanleg) sal gebruik word om die uitgemynde areas weer op te vul en rehabiliteer.

Die myngebied sal opgedeel word in drie seksies met ŉ herwinningsaanleg in elk nl.

- Seksie 1 in suide van myngebied waar daar reeds ŉ aanleg en myntoerusting opgerig is.
- Seksie 2 in die middel van die myngebied by die ou aanlegterrein
- Seksie 3 gelëe in die noordelike gedeelte van die myngebied waar die plasing van infrastruktuur later bepaal sal word.

Die myn sal 300 000 ton/maand verwerk met ŉ lewensduur van 30 jaar. MB het die benodigde myninfrastruktuur genoem (verwys na bladsy 11 van voorlegging).

Twee kontrakteurs sal die gebied gelyktydig myn by Seksie 1 en 2. Seksie 3 sal later volg.

MB het die diensvereistes vir die myn uitgewys (verwys na bladsy 13 van voorlegging) nl:

- 80 000 – 100 000m$^3$ water per maand sal ontrek word vanuit die Oranjerivier
- ŉ Waterpyplyn sal aangelê word om die water na die aanlegte te gelei
- Drinkwater sal in JOJO tanks gestoor word en proseswater in staaldamme.
- Kragopwekkers sal die aanlegte, woonkwartiere en waterpompe voorsien van elektrisiteit.
- 'French drains' word tans gebruik by the myn vir riool behandeling maar daar is sprake dat daar moontlike ŉ Riool-behandelings-aanleg opgerig sal word.

Volgens Nabas sal die gemeenskap 20% aandeel in the myn besit in die vorm van ŉ Trust en ook voordeel geniet uit werks-en opleidingsgeleenthede.

| 1.5 | Wetlike vereistes |
|---|---|

MB het kortliks die wetlike vereistes vir die projek uitgewys (verwys na bladsy 15 van die voorlegging) nl.

- Aanoek vir die volgende by DMHE in Springbok:
    - ŉ Mynreg en goedgekeurde Gemeenskaps-en Arbeidsplan
    - Omgewingsmagtiging en ŉ afvalbestuurslisensie onderhewig aan ŉ OIS-proses
- Aansoek vir watergebruiklisensie by die Departement van Water en Sanitasie in Upington

| 1.6 | OIS en Publieke Deelname Proses |
|---|---|

MB noem dat die OIS en publieke deelname proses streng gevolg word volgens die OIS-Regulasies riglyne en bestaan uit die drie fases wat elk vergesel word deur ŉ rondte publieke deelname (verwys na bladsy 17 – 20 van voorlegging).

Die doel van die studie is om die moontlike omgewings-en sosiale impakte van die projek te bepaal, ondersoek, evalueer en ten einde te bestuur volgens ŉ goedgekeurde Omgewingsbestuurs Plan (OBP). :

Die OBP sal as deel van die OIS ingehandig word vir goedkeuring by DMHE. Die plan sal al die kwessies (d.w.s myn, water, riool, afval beheer, woonkwartiere ens) aanspreek en is bindend op die mynreg houer. Onafhanklike Omgewings Konsultante sal verantwoordelik wees vir die monitering van die OBP en die DMHE sal dit opvolg met nakomings-oudits.

| |
|---|
| Die genoemde verslae van die OIS word ingelig deur spesialis studies. Naledzi sal die volgende studies voltooi as deel van die proses:<br>• Erfenisimpak en Palaeontologies Studie<br>• Hidrologiese en Geohidrologiese-impak Studies<br>• Biodiversiteits Studies (Akwaties, Vleiland, Hidropedologies, Diere, Voëls, Plante)<br>• Grondgebruiksvermoë studie<br>• Geraas, Luggehalte (stof) asook Visuele impakstudie<br>• Sosio-ekonomiese impak studie<br>• Gemeenkskaps Gesondheids Studie |
| **Publieke Deelname**<br>Die publieke deelname proses gee die Omgewingskonsultant die geleentheid om die bogenoemde projek inligting oor te dra aan die gemeenskap en hul insette te verkry wat uiteindelik oor gedra word aan die DMHE. Drie stelle inligting word met die publiek gedurende die OIS proses gedeel nl.<br>• Rondte 1 –Agtergronds Inligting Dokument (AID) wat die publiek die geleentheid gee om te registreer op die projek databasis en insae te lewer d.m.v geskrewe kommentaar, publieke vergaderings.<br>• Rondte 2 –Omvangsbepalings-verslag (OBV) wat beskikbaar gestel word vir die publiek om insae te lewer.<br>• Rondte 3 – Die OIS sleutel dokument, Omgewingsimpak-verslag (OIV) en OBP wat beskikbaar gestel word vir die publiek om insae te lewer d.m.v publieke vergaderings en geskrewe kommentaar.<br><br>Gedurende elke rondte het die publiek 30-dae geleentheid om insette te lewer.<br><br>MB het die Grasdrift OIS skedule bespreek (verwys na bladsy 21 van voorlegging) en die volgende uitgelig:<br>• **Rondte 1**<br>o Die AID is beskikbaar tot 5 Desember 2022 vir registrasie en insae in elk van die vier dorpies asook Port Nolloth en Alexanderbaai en kan ook afgelaai word vanaf die Naledzi webtuiste.<br>o Gemeenskaps vergarderings vind plaas op 16 en 17 November 2022.<br>o Sodra die registrasie periode verstryk sal die Konsep-OBV voorberei word.<br>• **Rondte 2**<br>o Die OBV sal beskikbaar wees gedurende Januarie to Februarie 2023 by dieselfde lokale as die AID en op die Naledzi webtuiste.<br>• **Rondte 3**<br>o Die OIV en OBP sal beskikbaar wees vanaf Mei tot Junie 2023 soos bo genoem.<br>o Gemeenskaps vergaderings sal plaasvind gedurende die tydperk om die bevindings van die OIS studie te bespreek. |

## 2. BESPREKINGS

| 2 | Besprekings |
|---|---|
| 2.1 | **Sulfa (Elf) Cloete** wou die volgende uitlig nl.<br>a) Die myngebied val binne die Richtersveld gemeenskaps grond wat amptelik oorgedra sal word in komende jaar ingevolge die 'Transformation of Certain Rural Areas Act 94 of 1998 (TRANCA)'aan die Richtersveld GEV. Die GEV is tans onder administrasie van die Minster van Grondsake. Dis kommerwekkend dat Naledzi vergader het (15 November 2022) met die GEV wat nie segenskap oor die grond het nie.<br>b) Die park ooreenkoms sê duidelik dat slegs bestaande myne mag voortgaan en geen nuwe mynregte toegelaat sal word nie. Nabas bring nou 'n nuwe aansoek vir 'n mynreg want hul tans net prospekteerregte.<br>c) Die myngebied is gelëe binne die buffer van die wêreld-erfenis gebied. Die park en |

| | |
|---|---|
| | erfenis gebied huisves baie bedreigde plant spesies. Watter impak sal die mynbedrywighede hê op hierdie bedreigde plant spesies?<br>d) Het Nabas ŉ watergebruikreg wat hul prospekteerreg vergesel? Waarvan daan ontrek hul water? Daar was onlangs ŉ koerant advertensie in Gemsbok waarin daar aansoek gedoen word vir ŉ watergebruik lisensie.<br>e) Wie is Nabas Trust en wie is die trustees? |
| | **MB** terugvoer:<br>a) Die vergadering met die Richtersveld GEV was ŉ versoek vanaf die Minster van Grondsake verteenwoordiger, Mr Itumeleng Mashune. Die OIS inligting is nie eksklusief nie en is beskikbaar vir enige geregistreerde of belanghebbende partye.<br>b) Volgens Nabas is hul reeds in besit van die prospekteerregte oor Grasdrift voor 2004 voor die inwerktreding van die Wet of Beskermde Gebiede. Nabas doen reeds vir ŉ geruime tyd mynbou proewe (t.o.v diamantopbrengs) by Grasdrift en sal hul produksie verhoog sodra/indien die mynreg uitgereik word.<br>c) Biodiversiteits Studies asook ŉ Erfenisimpak Studie sal deel vorm van die OIS om die impak op plantegroei, erfenisgebied en moontlike erfenis artikels te bepaal. Let wel dat daar geen plantegroei voorkom op die myngebied behalwe in die vloedvlakte en oewer van die Oranjerivier nie. Geen mynbou sal plaasvind binne die vloedvlakte nie.<br>d) Nabas ontrek water vanaf die Oranjerivier vir die prospekteer aktiwiteite. Volgens NDI Geologiese Konsultante het Nabas Diamante hul aansoek ingedien per hand by Departement van Water en Sanitasie (DWS) reeds voor 2017. Die aansoek was vir die ontrek en gebruik van 18 000m3/jaar vanuit die Oranjerivier. Gedurende Maart 2017 is die Watergebruik Lisensie Aansoek Regulasies uitgereik wat bepaal dat aansoeke elektronies ingedien moet word deur eWulaas sisteem. Op versoek van DWS, het NDI Geologiese Konsultante in Augustus 2022, die Watergebruik lisensie aansoek dokumente weer ingedien op die eWulaas sisteem sodat die aansoek vir die mynreg watergebruik kan ingedien word.(DWS Verwysings no. WU20432)<br><br>**LM** terugvoer:<br>e) Nabas het ŉ trust in plek sedert 2006 met die bedoeling om 20% aandeel van die myn toe te ken aan die Richtersveld Gemeenskap sodra die mynreg toegeken word. Die akte vir die trust is nog nie toegestaan nie dus bestaan die trustees tans uit die sekrataresse, rekenmeester en prokureur. Sodra die akte toegestaan is en die grondeienaarskap is oorgedra aan die gemeenskap sal Nabas die gemeenskap betrek om trustees te verkies. |
| | **Na-vergaderingse nota:**<br>Global Diamonds Resources SA (Edms.) Bpk is die meerderheidsaandeelhouer van Nabas Diamante. Global Diamonds is reeds die prospekteerreg/permit oor Grasdrift toegestaan rondom 1997-2000 (ou orde reg). In 2004 moes alle ou orde regte oorgeskakel word na nuwe orde regte volgens die MPRDA. Nabas Diamante is toe gebruik as die oorkoepelende maatskappy om aansoek te doen vir die nuwe orde prospekteerreg voor die ou orde reg verval het. |
| 2.2 | **Abraham Matthys** wou die volgende uitvind:<br>a) As daar bedreigde spesies gevind word op die terrein wat sal gebeur?<br>b) Hoekom is Nabas nie teenwoordig by die vergadering nie? |
| | **MB** terugvoer:<br>a) Die betrokke spesialis sal bevestig of daar bedreigde plant spesies voorkom op die terrein of nie. Indien wel, dan sal daar sekere buffersones toegepas moet word wat die dan beskerm. Maar let wel, soos genoem, dat daar geen plantegroei voorkom op die myngebied behalwe in die vloedvlakte en oewer van die Oranjerivier nie.<br>b) Naledzi behartig ŉ onafhanklike publieke deelname proses met die doel om inligting in te samel vir die OIS onafhanklik van die mynreg aplikant. Naledzi is van mening dat die publiek/gemeenskap vrylik hul mening moet kan lig sonder die teenwoordigheid van die aplikant. Indien nodig sal die aplikant genooi word na toekomstige vergaderings. |

## 3. MAATSKAPLIKE EN ARBEIDSPLAN (MAP)

| 3.1 | Nabas Maatskaplike-en Arbeidsplan (MAP) |
|---|---|

**LM** noem dat Nabas se mynreg-aansoek vergesel moet word deur 'n Maatskaplike en Arbeidsplan (MAP) in nakoming van die vereistes van die Wet op die Ontwikkeling van Mineraal-en Petroleumhulpbronne van 2002 (MPRDA). Die plan moet voorgelê word aan die DMHE waarin hul uiteensit hoe hul beplan om gemeenskappe in die myngebied te ontwikkel. Die plan moet elke 5 jaar hersien en opdateer word vir die lewensduur van die myn.

Die Minister van Minerale hulpbronne het in 2018 'n nuwe Mynbou Handves gepubliseer wat voorstel dat gemeenskappe sekere aandele toegeken moet word in myne. Die persentasie aandele toegestaan is totaal afhanklik van die myndireksie. Nabas se bedoeling is om 20% aandeel van Nabas Diamante toe te ken aan Nabas Trust (Richtersveld Gemeenskaps Trust) sodra die mynreg uitgereik is. Daarna kan die myn hom eers verbind aan menslike hulpbronontwikkeling en LED-projekte.

'n Konsep plan is beskikbaar vir die eerste 5 jaar van die myn en moet in oorleg met die gemeenskap gefinaliseer word. Die plan fokus op onderwys, opleiding, ontwikkeling en voedselsekerheid.

Die menslike hulpbronontwikkelingsprogram sal fokus op (voorstelle):

- Internskap vir studente
- Beure vir opleiding van studente as veldwagters.
- Basiese onderrig en opleiding vir volwassenes
- Werknemer werwing

Sou die gemeenskap eerder 'n behoefte hê vir ope beurse dan moet dit uitgewys word. Die bogenoemde is slegs voorstelle vanaf Nabas.

Die twee LED-projekte wat Nabas geïdentifiseer het sluit die volgende in:

- Opknap van die Kweekhuisprojek by Alexanderbaai Skool ter waarde van R 720 000
- Kweekhuisprojekte by elk van die 4 gemeenskappe ter waarde van R 400 000

Die opbrengs vanaf die kweekhuise kan verbruik; of verkoop word aan die plaaslike kruideniersware winkels. Nabas se totale belegging in die 1ste 5-jaar van die plan is R 1,120 000.

Voorstelle oor alternatiewe projekte wat die gemeenskap meer kan baat is ook welkom. Die projekte moet net standhoudend wees. Nabas sal dan die voorstelle oorweeg. Gemeenskappe kan ook kies watter projek eerste gedoen word en watter gemeenskap daarby behoort te baat. Die geïdentifiseerde projekte sal dan in die volgorde van prioriteit geïmplimenteer.

Sodra die gemeenskap die opgedateerde plan aanvaar, sal dit ingedien word by DMHE vir goedkeuring en sal daar van die myn verwag word om projekte te implementer.

Die plan is dan 'n instrument waarvolgens die gemeenskap Nabas kan oudit. As die vereistes nie nagekom word nie kan die gemeenskap die myn te verkla by DMHE.

Hierdie projekte word bespreek met al die gemeenskappe.

| 3.2 | Insette vir projekte vanaf gemeenskapslede |
|---|---|
| 3.2.1 | **Abraham Matthys** het die volgende uitgelig:<br>a) Lekkersing het 'n kliniek maar vir die afgelope 4-5 jaar nie 'n kliniek suster nie. Gemeenskapslede moet R 200 -300 betaal om Port Nolloth toe te gaan vir gehandeling. |
| 3.2.2 | **Shamonay Links**<br>a) Waar kan gemeenskapslede aansoek doen vir werk? Die gemeenskap het meestal skoolverlaters maar die myn vereis dat hul bv. Graad 10 of 11 benodig om in aanmerking te kom vir werk. Wat gaan die myn in plek sit om daai tipe |

| | |
|---|---|
| | skoolverlaters te akkommodeer? |
| | **LM:** Die MAP menslike hulpbronontwikkelingsprogram sluit onderrig en opleiding van volwassenes in. Nabas sal 'n gemeenskapsopname doen om die geletterdheidsvlak van die gemeenskapslede te bepaal daarvolgens sal hul bepaal watter posisies gevul kan word vanuit die gemeenskap. Die jeug kan oorweeg word vir skaars vaardighede en die myn kan ook indiensopleiding aan gemeenskapslede verseker sodat hul die nodige vaardighede kan beskik vir toekomstige werksgeleenthede by die myn. Let wel dis ŉ vrywillige proses afhangend van die leerder se bereidwilligheid om deel te neem. |
| 3.2.3 | **Sulfa (Elf) Cloete** wou die volgende uitlig ivm. die myn se voorsieningsketting (supply chain) en onderneming ontwikkeling (enterprise development):<br>a) Vir die opgradeer van die myngeboue moet plaaslike kontrakteurs van die gemeenskap in diens geneem word.<br>b) Die myne in die gebied het die neiging om nie te voldoen aan hul MAP nie.<br>c) Kan die gemeenskap nie nou al vra vir fondse uit die Nabas Trust nie? |
| | **LM:**<br>a) Dit kan gelys word as ŉ versoek vir die MAP dat die gemeenskap moet voorkeur geniet wanneer dit kom by aankope en indiensneming van klein maatskappye wanneer daar projekte is by die myn.<br>b) Die gemeenskap kan die MAP gebruik om Nabas te oudit. As die vereistes nie nagekom word nie kan die gemeenskap die myn te verkla by DMHE. Die plan wys die tydlyne wanneer sekere verpligtinge nagekom moet word. Die myn moet 'n jaarlikse prestasie beoordelings-verslag indien by DMHE voor of op elke 31ste Maart, sodat die plan se vordering gemeet kan word. Die gemeenskap kan 'n afskrif van die verslag versoek vanaf die myn of DMHE.<br>c) Nog nie. Die trust is gestig maar sal eers dividende ontvang sodra die myn in produksie is.<br><br>Vir die gemeenskappe om werksgeleenthede te kry by die myn bv. konstruksie werk ens, is daar die opsie om as regspersoon/entiteit te registreer bv. maatskappy/ geslote koöperasie wat al die algemene dienste lewer. Die entiteit moet dan al die nodige dokumente in plek hê (d.w.s Registrasie dokumente, besigheids profiel, belasting nommer/sertifikaat). |
| 3.2.4 | **Abraham Matthys** wou die volgende uitvind:<br>b) Kan Nabas ŉ persoon deur universiteit sien? |
| | **LM** – Die versoek vir ope beurse sal gestel word aan Nabas. |
| 3.2.5 | **Shamonay Links**<br>• Daar is drankprobleme in die gemeenskap. Kan Nabas nie help met befondsing vir ŉ beradingsentrum nie?<br>• Die vergadering saal is leeg omdat die gemeenskap skepties is oor die ander myn maatskappye. Die gemeenskap wil sien Nabas belê/investeer in die gemeenskappe. |
| | **LM –**Nabas sal geld in die trust inbetaal vir die gemeenskap. Die gemeenskap kan versoek dat die trust gelde gebruik vir ŉ beradingsentrum.<br><br>**MB:** Die Gemeenskap-gesondheids Studie sal ook die behoefte aanspreek en voorstelle maak. |
| **VERWYS NA BYLAE C VIR DIE OPSOMMING VAN PROJEKTE** | |

## 4. GEMEENSKAP GESONDHEIDS VRAELYS

MB het die gemeenskaps vraelys ingevul met insette vanaf die gemeenskapslede teenwoordig. Die volgende is uitgelig:

- Lekkersing dorpie het ŉ kliniek maar het nie ŉ kliniek suster nie.
- Die kliniek is oor die algemeen nie toegerus met kroniese medikasie nie.
- Algemene siektes sluit bloeddruk en diabetes in.

- Die gemeenskapslede moet na die Port Nolloth Hospitaal (R 200-300 vir vervoer) toe gaan vir algemene behandeling en Upington / Kimberley vir kroniese behandeling.
- Daar spesifiek alkoholmisbruik in die dorpie.

**5. AFSLUITING**

MB het almal teenwoordig bedank vir hul deelname en insette. Die vergadering is verdaag.

**6. GEIDENTIFISEERDE AKSIE-ITEMS**

| Nr. | Aksie Item | Toegewys | Wanneer voltooi |
|---|---|---|---|
| **1** | Projekte wat ingesluit moet word in die MAP:<br><br>• Die jeug moet oorweeg word vir skaars vaardighede en die myn kan ook indiensopleiding aan gemeenskapslede verseker sodat hul die nodige vaardighede kan beskik vir toekomstige werksgeleenthede by die myn.<br>• Die gemeenskap moet voorkeur geniet wanneer dit kom by aankope en indiensneming van klein maatskappye wanneer daar projekte is by die myn.<br>• Ope beurse vir student | NDI | Sluit in by die MAP. Die lys en voorlegging is deurgestuur aan Richtersveld GEV kantore op 9 Desember 2022 vir insae. |

# Aanhangels:

## Bylae A- Getekende bywonings register

## Bylae B – PowerPoint-voorlegging

## Bylae C – Voorgestelde Maatskaplike en Arbeidsplan projekte

## 7. AANVAARDING VAN NOTULE:

**a) NALEDZI OMGEWINGSKONSULTANTE**

| Handtekening | Datum |
|---|---|

**b) NDI GEOLOGIESE KONSULTANTE**

| Handtekening | Datum |
|---|---|

**c) LEKKERSING GEV VERTEENWOORDIGER / GEMEENSKAPSLEDE**

| Handtekening | Datum |
|---|---|

NALEDZI ENVIRONMENTAL CONSULTANTS

## OMGEWINGSIMPAK STUDIE (OMGEWINGSBEPALING FASE) PUBLIEKE VERGADERINGS

**Nabas Diamante (Edms) Bpk doen aansoek vir Omgewingsmagtiging, 'n Afvalbestuurlisensie asook Watergebruiklisensie vir die voorgestelde Grasdrift Diamant Delwery** (DMRE Verw. NCS 30/5/1/2/2/10211 MR

| BYWONINGS REGISTER – LEKKERSING SAAL<br>Datum: 16 November 2022<br>Tyd: 10h00 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **NAAM EN VAN** | **WOONPLEK** | **EPOS ADRES** | **KONTAK NOMMER** | **HANDTEKENING** |
| Marissa Botha | Polokwane, LP Naledzi | [redacted] | [redacted] | [redacted] |
| Thenda Matsenene | Polokwane, LP Naledzi Environmental Consultants | [redacted] | [redacted] | [redacted] |
| Jonny Olifant | Windsorton Noord Kaap | [redacted] | [redacted] | [redacted] |
| Sulfa Cloete | Lekkersing | [redacted] | [redacted] | [redacted] |
| Maria Hein | Lekkersing | [redacted] | [redacted] | [redacted] |
| Veronica Nero | Lekkersing | [redacted] | [redacted] | [redacted] |
| Magriela Nero | Lekkersing | [redacted] | [redacted] | [redacted] |

| NAAM EN VAN | WOONPLEK | EPOS ADRES | KONTAK NOMMER | HANDTEKENING |
|---|---|---|---|---|
| Anna Cupido | Lekkersing | [redacted] | [redacted] | [redacted] |
| ABRAHAM. MATTHYS | LEKKERSING | [redacted] | [redacted] | [redacted] |
| CHOMINAY LINKS | LEKKERSING | [redacted] | [redacted] | [redacted] |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |

NALEDZI ENVIRONMENTAL CONSULTANTS

# NOTULE VAN VERGADERING BY KUBOES

**Omgewingsimpak Studie (OIS) – Omvangsbepalings Fase Publieke Deelname (Projek Aankondiging)**

| | |
|---|---|
| **Onderwerp** | **Voorgestelde Grasdrift Delwery deur Nabas Diamante (Edms) Bpk**<br>Aansoek vir 'n Mynreg, Omgewingsmagtiging, 'n Afvalbestuurslisensie asook Watergebruiklisensie.<br><br>**DMRE Verwysings no. NC 30/5/1/2/2/10211 MR** |
| **Datum en tyd** | 17 November 2022, 10:00 – 12:00 |
| **Plek** | Kuboes VGK Kerk, Richtersveld |
| **Voorsitter** | Marissa Botha, Naledzi Omgewingskonsultante (Edms) Bpk (MB) |
| **Teenwoordig** | **Naledzi Omgewingskonsultante**<br>Marissa Botha (MB)<br>Thendo Matsenene (TM)<br>**NDI Geologiese Konsultante**<br>Solly Olifant (SO)<br>Lesego Masao (LM)<br>**Kuboes gemeenskapslede**<br><br>Verwys asseblief na die aangehegde **getekende bywoningsregister as Bylae A.** |
| **Verskonings** | Geen |
| **Doel** | • Projek inligting oor te dra<br>• Wetlike vereistes en bestek van die OIS te verduidelik<br>• Insette te verkry oor die genoemde projek wat oorweeg en aangespreek moet word in die OIS-proses.<br>• Konsep Maatskaplike-en Arbeidsplan te bespreek;<br>• Inligting te verkry oor die stand van gemeenskapsgesondheid en beskikbaarheid van gesondheids dienste. |
| **Inhoud van Notule** | 1. Voorlegging<br>2. Besprekings<br>3. Maatskaplike-en Arbeidsplan<br>4. Gemeenksaps gesondheids vraelys<br>5. Afsluiting<br>6. Aksie Items<br><br>Die volledige **PowerPoint-voorlegging** is **aangeheg as Bylae B.** |

## 1. VOORLEGGING

| Item nr. | Agenda Item |
|---|---|
| **1.1** | **Verwelkoming en Bekendstelling** |

MB het die vergadering geopen en almal verwelkom. Daarna is die projekspan voorgestel.

MB noem dat Nabas Diamante aansoek gedoen het vir ʼn mynreg en NDI Geologiese Konsultante tree op as hul agent en projek bestuurder en is ook verantwoordelik vir die opstel van die Konsep Maatskaplike- en Arbeids Plan (MAP). NDI het Naledzi Omgewingskonsultante aangestel as die onafhanklike omgewings-evaluerings-praktisyn om die Omgewingsimpak studie (OIS) te doen vir die genoemde projek.

| | |
|---|---|
| **1.2** | **Aanvaarding van die Agenda** |

Die besprekingspunte op die agenda is genoem en aanvaar deur die teenwoordig.

| | |
|---|---|
| **1.3** | **Projek Agtergrond en Ligging** |

**1.3.1 Agtergrond**

MB noem dat Nabas die prospekteerreg (NC 501 PR) vir spoeldiamante besit by Grasdrift in die Richtersveld Nasionale Park vanaf 2017. Die myngebied (2692-ha) is geleë op die linkeroewer van die Oranjerivier op ʼn gedeelte van die Restant van die Plaas Nr. 18[1]. Toegang tot die gebied is deur die RNP oor Akkedispas of Helskloofpas.

Die Grasdrift prospekteerbedrywighede het begin in 2018 en die resultate is gunstig dus het Nabas nou aansoek gedoen vir die mynreg oor die selfde gebied by die Departement van Minerale Hulpbronne en Energie (DMHE).

Bestaande prospekteer infrastruktuur by Grasdrift sal hergebruik word vir die doeleindes van die delwery nl.

- Herwinningsaanleg
- Toegangspaaie, baksteengeboue en staalstukture
- Gruismonstergroewe en uitskot hope
- Slikdam, staaldamme
- Landingstrook
- Water-ontrekkingspunte vanaf die Oranjerivier

Geen rehabilitasie in nog gedoen nie en sal tydens die mynreg tydperk geskied.

**1.3.2 Ligging**

Die mynreg gebied is gelëe binne die Richtersveld Nasionale – en Oorgrens Park, ook moonlik die buffer van die Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap Wêreld-erfenisgebied.

Die Wet op Beskermde Gebiede verbied prospekteer/mynbou binne beskermde gebiede maar maak wel toegewing daarvoor, indien dit wettiglik plaasgevind het voor die inwerktreding van die wet (2004) en solank die myngebied nie toeneem nie.

Nabas se prospekteerreg is reeds voor 2004 by die DMHE verwerk en in 2017 uitgereik. Die myreg-aansoek strek oor dieselfde gebied as die prospekteerreg sin. DMHE het die aansoek aanvaar NC 30/5/1/2/2/10211 MR) en die wet bepaal dat die OIS moet volg.

[1] Ons vra hiermee onverskoning dit is verkeerdelik uitgewys in die vergadering as Plaas Nr. 11 maar in werklikeheid Plaas Nr. 18.

| 1.4 | Projek Oorsig |
|---|---|

MB het d.m.v ŉ liggingskaart uitgewys dat die aansoekgebied beperk is tot Suid-Afrika. Geen mynbou word beplan onder the Oranjerivier vloedvlakte nie. Die diamante sal ontgin word vanuit die gruisterrasse bo dit d.m.v. vlak oopgroepmyn metodes (20m diep).

Die gruis sal uitgegrawe word en met vragmotors vervoer na ŉ skuifbare sifmasjien, waar sand en die grootste klippe uitgesif word. Die oorblywende gruis word dan na die herwinninsaanleg vervoer. Alle uitskot material (d.w.s sand, oorgroot klippe, fyn materiaal vanaf aanleg) sal gebruik word om die uitgemynde areas weer op te vul en rehabiliteer.

Die myngebied sal opgedeel word in drie seksies met ŉ herwinningsaanleg in elk nl.

- Seksie 1 in suide van myngebied waar daar reeds ŉ aanleg en myntoerusting opgerig is.
- Seksie 2 in die middel van die myngebied by die ou aanlegterrein
- Seksie 3 gelêe in die noordelike gedeelte van die myngebied waar die plasing van infrastruktuur later bepaal sal word.

Die myn sal 300 000 ton/maand verwerk met ŉ lewensduur van 30 jaar. MB het die benodigde myninfrastruktuur genoem (verwys na bladsy 11 van voorlegging).

Twee kontrakteurs sal die gebied gelyktydig myn by Seksie 1 en 2. Seksie 3 sal later volg.

MB het die diensvereistes vir die myn uitgewys (verwys na bladsy 13 van voorlegging) nl:

- 80 000 – 100 000$m^3$ water per maand sal ontrek word vanuit die Oranjerivier
- ŉ Waterpyplyn sal aangelê word om die water na die aanlegte te gelei
- Drinkwater sal in JOJO tanks gestoor word en proseswater in staaldamme.
- Kragopwekkers sal die aanlegte, woonkwartiere en waterpompe voorsien van elektrisiteit.
- 'French drains' word tans gebruik by the myn vir riool behandeling maar daar is sprake dat daar moontlike ŉ Riool-behandelings-aanleg opgerig sal word.

Volgens Nabas sal die gemeenskap 20% aandeel in the myn besit in die vorm van ŉ Trust en ook voordeel geniet uit werks-en opleidingsgeleenthede.

| 1.5 | Wetlike vereistes |
|---|---|

MB het kortliks die wetlike vereistes vir die projek uitgewys (verwys na bladsy 15 van die voorlegging) nl.

- Aanoek vir die volgende by DMHE in Springbok:
    - ŉ Mynreg en goedgekeurde Gemeenskaps-en Arbeidsplan
    - Omgewingsmagtiging en ŉ afvalbestuurslisensie onderhewig aan ŉ OIS-proses
- Aansoek vir watergebruiklisensie by die Departement van Water en Sanitasie in Upington

| 1.6 | OIS en Publieke Deelname Proses |
|---|---|

MB noem dat die OIS en publieke deelname proses streng gevolg word volgens die OIS-Regulasies riglyne en bestaan uit die drie fases wat elk vergesel word deur ŉ rondte publieke deelname (verwys na bladsy 17 – 20 van voorlegging).

Die doel van die studie is om die moontlike omgewings-en sosiale impakte van die projek te bepaal, ondersoek, evalueer en ten einde te bestuur volgens ŉ goedgekeurde Omgewingsbestuurs Plan (OBP). :

Die OBP sal as deel van die OIS ingehandig word vir goedkeuring by DMHE. Die plan sal al die kwessies (d.w.s myn, water, riool, afval beheer, woonkwartiere ens) aanspreek en is bindend op die mynreg houer. Onafhanklike Omgewings Konsultante sal verantwoordelik wees vir die monitering van die OBP en die DMHE sal dit opvolg met nakomings-oudits.

| |
|---|
| Die genoemde verslae van die OIS word ingelig deur spesialis studies. Naledzi sal die volgende studies voltooi as deel van die proses:<br>• Erfenisimpak en Palaeontologies Studie<br>• Hidrologiese en Geohidrologiese-impak Studies<br>• Biodiversiteits Studies (Akwaties, Vleiland, Hidropedologies, Diere, Voëls, Plante)<br>• Grondgebruiksvermoë studie<br>• Geraas, Luggehalte (stof) asook Visuele impakstudie<br>• Sosio-ekonomiese impak studie<br>• Gemeenkskaps Gesondheids Studie |
| **Publieke Deelname**<br>Die publieke deelname proses gee die Omgewingskonsultant die geleentheid om die bogenoemde projek inligting oor te dra aan die gemeenskap en hul insette te verkry wat uiteindelik oor gedra word aan die DMHE. Drie stelle inligting word met die publiek gedurende die OIS proses gedeel nl.<br><br>• Rondte 1 –Agtergronds Inligting Dokument (AID) wat die publiek die geleentheid gee om te registreer op die projek databasis en insae te lewer d.m.v geskrewe kommentaar, publieke vergaderings.<br>• Rondte 2 –Omvangsbepalings-verslag (OBV) wat beskikbaar gestel word vir die publiek om insae te lewer.<br>• Rondte 3 – Die OIS sleutel dokument, Omgewingsimpak-verslag (OIV) en OBP wat beskikbaar gestel word vir die publiek om insae te lewer d.m.v publieke vergaderings en geskrewe kommentaar.<br><br>Gedurende elke rondte het die publiek 30-dae geleentheid om insette te lewer.<br><br>MB het die Grasdrift OIS skedule bespreek (verwys na bladsy 21 van voorlegging) en die volgende uitgelig:<br>• **Rondte 1**<br>o Die AID is beskikbaar tot 5 Desember 2022 vir registrasie en insae in elk van die vier dorpies asook Port Nolloth en Alexanderbaai en kan ook afgelaai word vanaf die Naledzi webtuiste.<br>o Gemeenskaps vergarderings vind plaas op 16 en 17 November 2022.<br>o Sodra die registrasie periode verstryk sal die Konsep-OBV voorberei word.<br>• **Rondte 2**<br>o Die OBV sal beskikbaar wees gedurende Januarie to Februarie 2023 by dieselfde lokale as die AID en op die Naledzi webtuiste.<br>• **Rondte 3**<br>o Die OIV en OBP sal beskikbaar wees vanaf Mei tot Junie 2023 soos bo genoem.<br>o Gemeenskaps vergaderings sal plaasvind gedurende die tydperk om die bevindings van die OIS studie te bespreek. |

## 2. BESPREKINGS

| 2 | Besprekings |
|---|---|
| 2.1 | **Albert Robertse** merk dat daar net ŉ paar mense teenwoordig is weens ŉ gebrek aan belangstelling; al is die vergaderings wyd verkondig. Die gemeenskap is gekant teen mynbou reeds omdat daar soveel beloftes gemaak word deur mynhuise maar geen vereistes word nagekom nie. Die Richtersveld gemeenskap baat nie daarby of enige verwante werksgeleenthede nie. |
| | **MB** terugvoer:<br>Die opmerking is genotuleer. Die gemeenskap sal baat by die Grasdrift myn. NDI Geologiese Konsultante sal dit aanspreek as deel van die Maatskaplike en Arbeidsplan besprekings (verwys na afdeling 3 hieronder). |
| 2.2 | **Hilda Le Roux** noem dat:<br>• Die Richtersveld is ŉ ryk diverse botaniese landskap wat ŉ aantal endemiese |

| | |
|---|---|
| | plantspesies huisves. Die spesies moet beskerm word en kan verlore gaan weens mynbou by Grasdrift. |
| | **MB** terugvoer:<br>• Daar is feitlik geen plantegroei by Grasdrift nie veral nie op die geteikende gruisterrasse nie. Daar is slegs plante in die Oranjeriver vloedvlakte en oewer, maar geen mynbou word daar beplan nie.<br>• Ongeag, dit is welbekend dat die gruisterrasse gasheer kan wees vir verskeie endemiese plante en daarom gaan Naledzi verskeie biodiversiteits studies laat doen as deel van die OIS proses om die moontlike impak op enige plantegroei, riviere/vleilande, voëls en diere te bepaal. Die bevindings van die studies sal ingesluit word in die OIV-verslag en waar nodig sal buffersones aangedui word om enige sulke spesies (sou dit voorkom) te beskerm. |
| 2.3 | **Hilda Le Roux** noem dat die gebied gestroop is van plantegroei weens vorige mynbou en ŉ gebrek aan rehabilitasie.<br>• Wat is die rehabilitasie plan vir Grasdrift na Nabas die area uitgemyn het?<br>• Hoe kan ons verseker wees dat Nabas die rehabilitasie sal deursien? |
| | **MB** terugvoer:<br>Die mynproses sal gelyktydig rehabilitasie insluit. Alle uitskot material (d.w.s sand, oorgroot klippe, fyn materiaal vanaf aanleg) sal gebruik word om die uitgemynde areas weer op te vul en rehabiliteer.<br><br>Elke myn is verantwoordelik om hul uitgemynde areas te rehabiliteer en hul omgewings gevolge aan te spreek volgens ŉ goedgekeurde OBP en rehabilitasie plan wat aan die tersaaklike wetgewing voldoen.  Die wet vereis drie rehabilitasie planne nl.<br>• 'Jaarlikse rehabilitasieplan' wat die gereelde aktiwiteite wat gedurende die operasionele tydperk van die delwery gedoen moet word;<br>• 'Finale rehabilitasieplan' wat die finale rehabilitasie en 'gebruik van grond' na die myn se sluiting insluit.<br>• 'Na-sluitingsplan'om die rehabilitasie vordering te meet en enige oorblywende impakte aan te spreek.<br><br>Die delwery word ook vereis om ŉ finansiële bepaling vir die rehabilitasie in hul planne in te sluit wat inbetaal moet word by DMHE ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (Wet No. 107 van 1998): Regulasies met betrekking tot die Finansiële Bepaling vir Prospektering, Eksplorasie, Mynbou of Produksiebedrywighede Staatskoerantkennisgewing No. 1147. Die myn word daarna vereis om ŉ Jaarlikse Prestasieplan in te dien by DMHE wat die rehabilitasie vordering meet en oudit.<br><br>Die rehabilitasieplanne en finansiële bepaling sal ingesluit word as deel van die Grasdriftmyn projek se OIS dokumentasie.<br><br>Die gemeenskap kan die bogenoemde Jaarlikse Prestasieplan aanvra by die DMHE of Nabas. |
| 2.4 | **Paul De Wet** het uitgewys dat veeboere wei al langs die Oranjerivier-oewer in die Richtersveld Park tot Mei maand insluitend by Grasdrift. Die veeboere moet daarom ongehinderde toegang hê tot die rivieroewer veral in die somer maande. |
| | **MB** terugvoer:<br>Hierdie versoek is ook geopper gedurende ŉ vergadering met die GEV. Ons het daar ook verduidelik dat die veeboere tans toegang het tot die Grasdrift gebied, ongeag die prospekteerbedrywighede. Hierdie reëling kan net voortgaan en ingeskryf word as ŉ vereiste in die Omgewingsbestuurs Plan vir die mynreg. Daar kan voorsiening gemaak word vir die onderteken van ŉ "Memorandum van Verstandhouding' tussen Nabas en Richtersveld veeboere. Die dokument kan die breë trekke soos ooreengekom deur die twee partye beskryf. |
| 2.6 | **Josef De Wet** vereis die volgende van die projek:<br>• Nabas moet hulp verleen aan die veeboere in droogte d.w.s. voorsien van lusern, waterpompe regmaak/waterpunte voorsien. |

| | |
|---|---|
| | **MB** terugvoer:<br>Volgens Nabas beoog hul reeds om hulp te verleen met die voorsien van waterpunte vir die vee in die sandveld. |

## 3. MAATSKAPLIKE EN ARBEIDSPLAN (MAP)

| 3.1 | Nabas Maatskaplike-en Arbeidsplan (MAP) |
|---|---|

**LM** noem dat Nabas se mynreg-aansoek vergesel moet word deur ŉ Maatskaplike en Arbeidsplan (MAP) in nakoming van die vereistes van die Wet op die Ontwikkeling van Mineraal-en Petroleumhulpbronne van 2002 (MPRDA). Die plan moet voorgelê word aan die DMHE waarin hul uiteensit hoe hul beplan om gemeenskappe in die myngebied te ontwikkel. Die plan moet elke 5 jaar hersien en opdateer word vir die lewensduur van die myn.

Die Minister van Minerale hulpbronne het in 2018 ŉ nuwe Mynbou Handves gepubliseer wat voorstel dat gemeenskappe sekere aandele toegeken moet word in myne. Die persentasie aandele toegestaan is totaal afhanklik van die myndireksie. Nabas se bedoeling is om 20% aandeel van Nabas Diamante toe te ken aan Nabas Trust (Richtersveld Gemeenskaps Trust) sodra die mynreg uitgereik is. Die myn is tans nog in prospekteer fase en kan hom eers verbind aan menslike hulpbronontwikkeling en LED-projekte sodra:

- Die mynreg uitgereik is; en
- Die myn in produksie is.

Nabas Diamante bestaan dus uit drie partye. nl.

- Global Diamond Resources SA (Pty) Ltd (45% aandeel)
- Agnobest 4 (Pty) Ltd (35% aandeel)
- Nabas Trust (20% aandeel) / Richtersveld Gemeenskaps Trust

Nabas het reeds in 2006 besluit om die 20% aandele oortedra aan die gemeenskap. Omdat die trust akte nog nie uitgereik is nie bestaan die trustees nog uit die maatskappy sekretaresse, rekenmeester en prokureur. Dit sal uiteengesit word in the MAP, dat die trust gestig moet word sodra die akte toegestaan is, daarna sal Nabas die gemeenskap betrek om Trustees te verkies.

Let wel dat die 20% aandeel nie in geldwaarde uitbetaal word aan gemeenskap nie. Die dividende (vergoeding) word in die trust geplaas wat dan gebruik kan word vir gemeenskaps behoeftes bo en behalwe die MAP verpligtinge van die myn.

ŉ Konsep plan is beskikbaar vir die eerste 5 jaar van die myn en moet in oorleg met die gemeenskap gefinaliseer word. Die plan fokus op onderwys, opleiding, ontwikkeling en voedselsekerheid d.w.s LED-projekte. Die LED-projekte word gewoonlik gekies vanuit die bestaande Richtersveld Plaaslike Munisipaliteit se beplande IDP-programme.

Die menslike hulpbronontwikkelingsprogram sal fokus op (voorstelle):

- Indiensopleiding vir studente
- Beurse vir opleiding van studente as veldwagters.
- Basiese onderrig en opleiding vir volwassenes
- Werknemer werwing vanuit die plaaslike gemeenskappe

Sou die gemeenskap eerder ŉ behoefte hê vir ope beurse dan moet dit uitgewys word. Die bogenoemde is slegs voorstelle vanaf Nabas wat hul bereid is om aan te neem.

Die twee gekose LED-projekte wat Nabas bereid is om te befonds sluit die volgende in:

- Opknap van die Kweekhuisprojek by Alexanderbaai Skool ter waarde van R 720 000
- Kweekhuisprojekte by elk van die 4 gemeenskappe ter waarde van R 400 000

<table>
<tr><td colspan="2">Die opbrengs vanaf die kweekhuise kan verbruik; of verkoop word aan die plaaslike kruideniersware winkels. Nabas se totale belegging in die 1ste 5-jaar van die plan is R 1,120 000.<br><br>Die voorgestelde projekte word nie afgedwing op die gemeenskappe nie. Voorstelle oor alternatiewe projekte wat die gemeenskap meer kan baat is ook welkom. Die projekte moet net standhoudend wees. Nabas sal dan die voorstelle oorweeg. Gemeenskappe kan ook kies watter projek eerste gedoen word en watter gemeenskap daarby behoort te baat. Die geïdentifiseerde projekte sal dan in die volgorde van prioriteit geïmplimenteer word.<br><br>Let wel die projekspan gebruik die OIS vergadering ook as ŉ platform om die gemeenskap se behoeftes te bespreek en te verstaan. Die Konsep MAP sal opgedateer word volgens die gemeenskappe se behoeftes.<br><br>Sodra die gemeenskap die opgedateerde plan aanvaar, sal dit ingedien word by DMHE vir goedkeuring en sal daar van die myn verwag word om projekte te implementer.<br><br>Die plan is dan ŉ instrument waarvolgens die gemeenskap Nabas kan oudit. As die vereistes nie nagekom word nie kan die gemeenskap die myn te verkla by DMHE.</td></tr>
<tr><td>3.2</td><td>Insette vir projekte vanaf gemeenskapslede</td></tr>
<tr><td rowspan="2">3.2.1</td><td>Albert Roberts noem dat:<br>a) Die 20% dividende bestuur deur die Nabas Trust nie gebruik moet word vir die MAP verantwoordlikhede nie, maar vir die gemeenskap se behoeftes.<br>b) Vars water is skaars in Kuboes. Daar word tans ŉ pyplyn gebou vanaf Sanddrift wat vars water moet voorsien, maar dit kom nie klaar nie.<br>c) Die grondpad na Kuboes is in ŉ slegte kondisie en nooddienste kan nie die dorpie bereik nie. Die myne beskadig die paaie en moet die paaie herstel.<br>d) Die myn moet hulp verleen met indiensopleiding (prakties) vir ten minste 2 - 3 jaar vir jongmense.</td></tr>
<tr><td>LM terugvoer:<br>• Die 20% dividende vanaf die myn word uit betaal aan die trust bo en behalwe die MAP verpligtinge van die myn. Die gemeenskap kan besluit wat moet gebeur met die trust fondse.<br>• Die verbeter van infrastruktuur na en in dorpies (d.w.s. voorsien van skoon drinkwater (nie brak) en verbeter van die toestande van paaie na die gemeenskap) kan uitgelig word as ŉ voorgestelde LED-projek aan Nabas. Nabas sal moet besluit of hul bereid is om dit te befonds en in te sluit in die MAP.<br>• Indiensopleiding vir toekomstige werksgeleenthede by die myn sal gelys word as ŉ voorstel wat aangespreek moet word in die MAP.<br><br>MB terugvoer oor opgradeer van paaie:<br>• Die opgradeer van paaie is die verantwoordelikheid van die staat en die plaaslike raad en word in baie gevalle befonds deur die munisipale infrastruktuur toekenningsfonds. Die gemeenskap word afgeraai om die Grasdrift MAP fondse daarvoor te allokeer/oormerk.</td></tr>
<tr><td rowspan="2">3.2.2</td><td>Petrus Joseph noem dat die staat onlangs die paaie afgebaken het om te teer, maar het dit nooit gedoen nie.<br><br>Die gemeenskap is die grondeienaars en as dit van ons afhang sal ons nie mynbou toelaat nie.<br><br>Die myn moet plaaslike werknemers vanuit die gemeenskap indiens neem, veral die jong mense. Kuboes wil ŉ groente tuin maak met Nabas se hulp. Nabas moet sy mense beskikbaar stel vir die doeleindes.</td></tr>
<tr><td>LM terugvoer:<br>Dit word vereis van die myn om sover moontlik werknemers in diens te neem vanuit die plaaslike gemeenskappe. Volgens die projek se arbeidsplan beoog Nabas, ŉ maand voor die myn in produksie tree, om ŉ vaardigheidsoudit doen in die omliggende gemeenskappe om te</td></tr>
</table>

| | |
|---|---|
| | bepaal watter vaardighede beskikbaar is en watter werknemers deur die myn in diens geneem kan word.<br><br>Die twee voorgestelde LED-projekte in die Konsep MAP sluit reeds kweekhuise by elk van die 4 gemeenskappe in ter waarde van R 400 000. |
| 3.2.3 | **Gert Swartbooi** wou weet of Nabas iets in plek het vir gestremdes en bejaardes. Die bejaardes benodig gesondheidsorg en gesonde kos wat hul nie kan bekostig op hul SASSA pensioen nie. |
| | **LM** terugvoer:<br>As Nabas gestremdes kan indiens neem gee dit hul ŉ beter gradering, maar die Wet op Myngesondheid en –Veiligheid beperk die indiensneming van bejaardes.<br><br>Daar is reeds versoeke vir ŉ mobiele kliniek om die dorpies se klinieke by te staan en te help met gesondheids ondersoeke. Neem net kennis dat die myn slegs 1% van hul jaarlikse inkomste kan spandeer op LED-projekte en gemeenskapsontwikkeling en hulp. Om so iets te mobiliseer sal al die myne moet saam werk om die gemeenskap te help bv. 10% beskikbaar stel vanaf al die myne in area vir so inisiatief. Hierdie inisiatief /versoek sal moet kom vanaf die gemeenskap aan al die myne.<br><br>**SO** insae:<br>Die GEV sal die MAP moet monitor en in April van elke jaar die dokument aanvrae en die myn se vordering in terme van die MAP. |
| 3.2.4 | **Valerie Swartbooi** wou bevestig of die myn:<br>• Matrieks sal help om verder te studeer?<br>• Kontrakte sal beskikbaar stel vir die gemeenskappe vir bedrock sweeping, skoonmaak en kosmaak dienste? |
| | **LM** terugvoer:<br>• Die MAP menslike hulpbronontwikkelingsprogram maak voorsiening vir beurse en tersiêre opleiding.<br>• Vir die gemeenskappe om werksgeleenthede te kry by die myn bv. konstruksie werk, skoonmaak dienste ens, is daar die opsie om as regspersoon/entiteit te registreer bv. maatskappy/ geslote koöperasie wat al die algemene dienste lewer. Die entiteit moet dan al die nodige dokumente in plek hê (d.w.s Registrasie dokumente, besigheids profiel, belasting nommer/sertifikaat).<br>• Die kwessie van 'bedrock sweeping' moet bevestig word met Nabas. |
| | **Na-vergaderingse nota:**<br>Nabas het bevestig dat die myn werk program ('Mine Works Programme') moet voorsiening maak vir 'Bedrock sweeping' en is tans reeds deel van die prospekteerwerk-program (Prospecting Works Programme) op ŉ baie klein skaal. |
| | |
| 3.2.5 | **Teresa Donaro** versoek dat werksgeleenthede beskikbaar moet wees vir vroue sonder beperkings. |
| | **LM** terugvoer:<br>Volgens die Konsep Maatskaplike en Arbeidsplan (MAP) onderneem Nabas om poste by die myn te reserveer vir beide HDSA's en vroue om te verseker dat die teikens van 10% van vroue in mynbou en 40% van HDSA in alle bestuursvlakte nagekom word. |
| 3.2.6 | **Josef De Wet** vereis die volgende van die projek**:**<br>• Werkgeleenthede vir die gemeenskap;<br>• Vaardigheidsontwikkeling en indiensneming van mense met gestremdhede<br>• Opleiding vir volwassenes:<br>  o Baie van die werknemers in die gemeenskap is in die ou dae opgelei en benodig opvolg kursusse in nuwe beskikbare tegnologie. |

| | |
|---|---|
| | **LM** terugvoer:<br>• Verwys asseblief na terugvoer oor indiensneming van plaaslike gemeenskappe onder afdeling 3.2.2.<br>• Die MAP maak voorsiening vir basiese onderrig en opleiding van volwassenes.<br>• Vaardigheidsontwikkeling en indiensneming van mense met gestremdhede sal verder ondersoek/aangespreek moet word in die MAP. |
| **VERWYS NA BYLAE C VIR DIE OPSOMMING VAN VOORGESTELDE PROJEKTE** | |

## 4. GEMEENSKAP GESONDHEIDS VRAELYS

MB het die gemeenskaps vraelys ingevul met insette vanaf die gemeenskapslede teenwoordig. Die volgende is uitgelig:

- Kuboes het 'n kliniek maar het nie 'n kliniek suster nie.
- Die kliniek is oor die algemeen nie toegerus met kroniese medikasie nie.
- Die gemeenskapslede moet na die Port Nolloth Hospitaal (150km) toe gaan vir algemene behandeling en Upington / Kimberley (600km) vir kroniese behandeling.
- Algemene siektes sluit asma, bloeddruk en diabetes in.
- Lower Orange River Diamonds voorsien varswater aan Kuboes maar gedurende die droogte tye is droogtehulpboorgate gesink, maar die boorgat water is brak.
- Daar spesifiek alkohol en dwelm misbruik in die dorpie.
- Volgens die gemeenskap kan die projek beide 'n negatiewe en positiewe impak op die gemeenskap hê m.a.w.
    - As myne help met mediese sorg, sal die impak positief wees; maar
    - Die myne bring ook maatskaplike gesondheidskwessies na vore, bv. Dwelms. Hierdie gemeenskappe het nie vroeër toegang tot dwelms gehad nie. Met die verhoogde mynbou het die kwessie ontstaan.

## 5. AFSLUITING

MB het almal teenwoordig bedank vir hul deelname en insette. Die vergadering is verdaag.

## 6. GEIDENTIFISEERDE AKSIE-ITEMS

| Nr. | Aksie Item | Toegewys | Wanneer voltooi |
|---|---|---|---|
| **1** | Veeboere moet toegang hê tot die Oranjerivier vloedvlakte en oewer vir weiding. | Nabas. | Veeboere het tans toegang en sal kan voortgaan soos in die verlede.<br><br>Naledzi sal met Nabas bevestig hoe dit bewerkstellig kan word. |
| **2** | Nabas moet hulp verleen aan die veeboere in droogte d.w.s. lusern, waterpunte vir vee. | Nabas | Volgens Nabas beoog hul reeds om hulp te verleen met die voorsien van waterpunte vir die vee in die Richtersveld Nationale Park. |
| **3** | Voorgestelde projekte vir MAP:<br>• Die verbeter van infrastruktuur na en in dorpies (d.w.s. skoon drinkwater (nie brak) en verbeter van die toestande van paaie na die gemeenskap) | NDI<br>Nabas | Die voorgestelde projekte is gelys vir oorweging in die MAP. Die lys is deurgestuur aan Richtersveld GEV kantore op 9 Desember 2022 vir insae. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **4** | Die gemeenskap het uitgelig hul wil geleentheid gegun word om 'bedrock sweeping' te doen by Grasdrift; en versoek die oorweging van vaardigheidsontwikkeling en indiensneming van mense met gestremdhede. | NDI<br>Nabas | Nabas sal terugvoer moet gee of hul gemeenskap sal toelaat om 'bedrock sweeping' te doen.<br>NDI sal die vaardigheidsontwikkeling en indiensneming van mense met gestremdhede verder moet ondersoek in die MAP. |

# Aanhangels:

## Bylae A- Getekende bywonings register

## Bylae B – PowerPoint-voorlegging

## Bylae C – Voorgestelde Maatskaplike en Arbeidsplan projekte

**7. AANVAARDING VAN NOTULE:**

**a) NALEDZI OMGEWINGSKONSULTANTE**

________________________ ________________________

Handtekening Datum

**b) NDI GEOLOGIESE KONSULTANTE**

________________________ ________________________

Handtekening Datum

**c) KUBOES GEV VERTEENWOORDIGER / GEMEENSKAPSLEDE**

________________________ ________________________

Handtekening Datum

NALEDZI ENVIRONMENTAL CONSULTANTS

**OMGEWINGSIMPAK STUDIE (OMGEWINGSBEPALING FASE) PUBLIEKE VERGADERINGS**

**Nabas Diamante (Edms) Bpk doen aansoek vir Omgewingsmagtiging, 'n Afvalbestuurlisensie asook Watergebruiklisensie vir die voorgestelde Grasdrift Diamant Delwery** (DMRE Verw. NCS 30/5/1/2/2/10211 MR

**BYWONINGS REGISTER – KUBOES VGK KERK SAAL**
**Datum: 17 November 2022**
**Tyd: 10h00**

| NAAM EN VAN | WOONPLEK | EPOS ADRES | KONTAK NOMMER | HANDTEKENING |
|---|---|---|---|---|
| Marissa Botha | Polokwane, LP Naledzi EC | [redacted] | | |
| Zachery Obies | Kuboes | | | |
| Leethan Joseph | Kuboes | | | |
| Edward Jonas | Kuboes | | | |
| Cornelia Fredericks | Kuboes | | | |
| [illegible] | " | | | |
| M. OBies | KuBoes | | | |

| NAAM EN VAN | WOONPLEK | EPOS ADRES | KONTAK NOMMER | HANDTEKENING |
|---|---|---|---|---|
| Magrieta dewee | Kuboes | [redacted] | | |
| Anna Cloete | Kuboes | [redacted] | | |
| Petrus Joseph | Kuboes | [redacted] | | |
| Margaret Slander | Kuboes | [redacted] | | |
| LYDIA frederiKS | KUBoes | [redacted] | | |
| Valerie Swartbooi | kuBoes | [redacted] | | |
| CHANTON SLAANDER | KUBOES | [redacted] | | |
| Elzenon Cloete | KuBoes | [redacted] | | |
| | | | | |

NALEDZI ENVIRONMENTAL CONSULTANTS

**OMGEWINGSIMPAK STUDIE (OMGEWINGSBEPALING FASE) PUBLIEKE VERGADERINGS**

**Nabas Diamante (Edms) Bpk doen aansoek vir Omgewingsmagtiging, 'n Afvalbestuurlisensie asook Watergebruiklisensie vir die voorgestelde Grasdrift Diamant Delwery** (DMRE Verw. NCS 30/5/1/2/2/10211 MR

**BYWONINGS REGISTER – KUBOES VGK KERK SAAL**
**Datum: 17 November 2022**
**Tyd: 10h00**

| NAAM EN VAN | WOONPLEK | EPOS ADRES | KONTAK NOMMER | HANDTEKENING |
|---|---|---|---|---|
| Jacky Olifant | Windsorton | [redacted] | | |
| Daniël Fredericks | | | | |
| Johan Domrogo | Kuboes | | | |
| J. A De Wet | Kuboes | | | |
| R. B. de Wet | " | | | |
| Zenaphon J. Fredericks | " | | | |
| Wayne. A. dewet | Kuboes | | | |

**OMGEWINGSIMPAK STUDIE (OMGEWINGSBEPALING FASE) PUBLIEKE VERGADERINGS**

**Nabas Diamante (Edms) Bpk doen aansoek vir Omgewingsmagtiging, 'n Afvalbestuurlisensie asook Watergebruiklisensie vir die voorgestelde Grasdrift Diamant Delwery** (DMRE Verw. NCS 30/5/1/2/2/10211 MR

**BYWONINGS REGISTER – KUBOES VGK KERK SAAL**
**Datum: 17 November 2022**
**Tyd: 10h00**

| NAAM EN VAN | WOONPLEK | EPOS ADRES | KONTAK NOMMER | HANDTEKENING |
|---|---|---|---|---|
| Christopher | Kuboes | – | – | [signature] |
| Magrietha Cloete | – – – | – | – | M Cloete |
| Albert Roberts | – – | | | [signature] |
| Paul P. de Wet | - - - | | | [signature] |
| QUININ OBIES | = | | | [signature] |
| CORNELL Cloete | = | – – | - - | [signature] |
| Hilton Obies | Kuboes | | | [signature] |

| NAAM EN VAN | WOONPLEK | EPOS ADRES | KONTAK NOMMER | HANDTEKENING |
|---|---|---|---|---|
| Katrina Roberts | Kuboes | | | [signature] |
| Katrina Domroch | Kuboes | | | K Domroch |
| Elfie Pick | Kuboes | [redacted] | [redacted] | [signature] |
| H. C. Leroux (JHP) (Principal (Act.)) | | [redacted] | [redacted] | [signature] |
| G. J. Swartbooi | KuBoes | [redacted] | [redacted] | [signature] /12 |
| A. Links | " | [redacted] | [redacted] | A. Links |
| N. Jantjies | Kuboes | [redacted] | [redacted] | Jantjies |
| Christé Vlander | Kuboes | [redacted] | [redacted] | [signature] |

| NAAM EN VAN | WOONPLEK | EPOS ADRES | KONTAK NOMMER | HANDTEKENING |
| --- | --- | --- | --- | --- |
| Quintin Malgas | Kuboes | [redacted] | [redacted] | |
| Josh De Wet | Kuboes | [redacted] | [redacted] | |
| Rev J N Snyders | Kuboes | [redacted] | [redacted] | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |

| NAAM EN VAN | WOONPLEK | EPOS ADRES | KONTAK NOMMER | HANDTEKENING |
|---|---|---|---|---|
| Petrus Jona | Kuboes | [redacted] | [redacted] | |
| Elfrie PICK | KUBOES | [redacted] | [redacted] | E Pick |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |

| NAAM EN VAN | WOONPLEK | EPOS ADRES | KONTAK NOMMER | HANDTEKENING |
|---|---|---|---|---|
| Johanna Swartbooi | Kuboes | | [redacted] | J.Swartbooi |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |

# NOTULE VAN VERGADERING BY SANDDRIFT

**Omgewingsimpak Studie (OIS) – Omvangsbepalings Fase Publieke Deelname (Projek Aankondiging)**

| | |
|---|---|
| **Onderwerp** | **Voorgestelde Grasdrift Delwery deur Nabas Diamante (Edms) Bpk**<br>Aansoek vir ŉ Mynreg, Omgewingsmagtiging, ŉ Afvalbestuurslisensie asook Watergebruiklisensie.<br><br>**DMRE Verwysings no. NC 30/5/1/2/2/10211 MR** |
| **Datum en tyd** | 17 November 2022, 14:00 – 16:00 |
| **Plek** | Sanddrift Saal, Richtersveld |
| **Voorsitter** | Marissa Botha, Naledzi Omgewingskonsultante (Edms) Bpk (MB) |
| **Teenwoordig** | **Naledzi Omgewingskonsultante**<br>Marissa Botha (MB)<br>Thendo Matsenene (TM)<br>**NDI Geologiese Konsultante**<br>Solly Olifant (SO)<br>Lesego Masao (LM)<br>**Sanddrift gemeenskapslede**<br>**Site Plan -** Stephen van der Westhuizen<br><br>Verwys asseblief na die aangehegde **getekende bywoningsregister as Bylae A.** |
| **Verskonings** | Geen |
| **Doel** | • Projek inligting oor te dra<br>• Wetlike vereistes en bestek van die OIS te verduidelik<br>• Insette te verkry oor die genoemde projek wat oorweeg en aangespreek moet word in die OIS-proses.<br>• Konsep Maatskaplike-en Arbeidsplan te bespreek;<br>• Inligting te verkry oor die stand van gemeenskapsgesondheid en beskikbaarheid van gesondheids dienste. |
| **Inhoud van Notule** | 1. Voorlegging<br>2. Besprekings<br>3. Maatskaplike-en Arbeidsplan<br>4. Gemeenksaps gesondheids vraelys<br>5. Afsluiting<br>6. Aksie Items<br><br>Die volledige **PowerPoint-voorlegging** is **aangeheg as Bylae B.** |

## 1. VOORLEGGING

| Item nr. | Agenda Item |
|---|---|
| 1.1 | Verwelkoming en Bekendstelling |

MB het die vergadering geopen en almal verwelkom. Daarna is die projekspan voorgestel.

MB noem dat Nabas Diamante aansoek gedoen het vir 'n mynreg en NDI Geologiese Konsultante tree op as hul agent en projek bestuurder en is ook verantwoordelik vir die opstel van die Konsep Maatskaplike- en Arbeids Plan (MAP). NDI het Naledzi Omgewingskonsultante aangestel as die onafhanklike omgewings-evaluerings-praktisyn om die Omgewingsimpak studie (OIS) te doen vir die genoemde projek.

| 1.2 | Aanvaarding van die Agenda |
|---|---|

Die besprekingspunte op die agenda is genoem en aanvaar deur die teenwoordig.

| 1.3 | Projek Agtergrond en Ligging |
|---|---|

**1.3.1 Agtergrond**

MB noem dat Nabas die prospekteerreg (NC 501 PR) vir spoeldiamante besit by Grasdrift in die Richtersveld Nasionale Park vanaf 2017. Die myngebied (2692-ha) is geleë op die linkeroewer van die Oranjerivier op 'n gedeelte van die Restant van die Plaas Nr. 18[1]. Toegang tot die gebied is deur die RNP oor Akkedispas of Helskloofpas.

Die Grasdrift prospekteerbedrywighede het begin in 2018 en die resultate is gunstig dus het Nabas nou aansoek gedoen vir die mynreg oor die selfde gebied by die Departement van Minerale Hulpbronne en Energie (DMHE).

Bestaande prospekteer infrastruktuur by Grasdrift sal hergebruik word vir die doeleindes van die delwery nl.

- Herwinningsaanleg
- Toegangspaaie, baksteengeboue en staalstukture
- Gruismonstergroewe en uitskot hope
- Slikdam, staaldamme
- Landingstrook
- Water-ontrekkingspunte vanaf die Oranjerivier

Geen rehabilitasie in nog gedoen nie en sal tydens die mynreg tydperk geskied.

**1.3.2 Ligging**

Die mynreg gebied is gelëe binne die Richtersveld Nasionale – en Oorgrens Park, ook moonlik die buffer van die Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap Wêreld-erfenisgebied.

Die Wet op Beskermde Gebiede verbied prospekteer/mynbou binne beskermde gebiede maar maak wel toegewing daarvoor, indien dit wettiglik plaasgevind het voor die inwerktreding van die wet (2004) en solank die myngebied nie toeneem nie.

Nabas se prospekteerreg is reeds voor 2004 by die DMHE verwerk en in 2017 uitgereik. Die myreg-aansoek strek oor dieselfde gebied as die prospekteerreg sin. DMHE het die aansoek aanvaar NC 30/5/1/2/2/10211 MR) en die wet bepaal dat die OIS moet volg.

[1] Ons vra hiermee onverskoning dit is verkeerdelik uitgewys in die vergadering as Plaas Nr. 11 maar in werklikeheid Plaas Nr. 18.

| 1.4 | Projek Oorsig |
|---|---|

MB het d.m.v ŉ liggingskaart uitgewys dat die aansoekgebied beperk is tot Suid-Afrika. Geen mynbou word beplan onder the Oranjerivier vloedvlakte nie. Die diamante sal ontgin word vanuit die gruisterrasse bo dit d.m.v. vlak oopgroepmyn metodes (20m diep).

Die gruis sal uitgegrawe word en met vragmotors vervoer na ŉ skuifbare sifmasjien, waar sand en die grootste klippe uitgesif word. Die oorblywende gruis word dan na die herwinninsaanleg vervoer. Alle uitskot material (d.w.s sand, oorgroot klippe, fyn materiaal vanaf aanleg) sal gebruik word om die uitgemynde areas weer op te vul en rehabiliteer.

Die myngebied sal opgedeel word in drie seksies met ŉ herwinningsaanleg in elk nl.

- Seksie 1 in suide van myngebied waar daar reeds ŉ aanleg en myntoerusting opgerig is.
- Seksie 2 in die middel van die myngebied by die ou aanlegterrein
- Seksie 3 gelëe in die noordelike gedeelte van die myngebied waar die plasing van infrastruktuur later bepaal sal word.

Die myn sal 300 000 ton/maand verwerk met ŉ lewensduur van 30 jaar. MB het die benodigde myninfrastruktuur genoem (verwys na bladsy 11 van voorlegging).

Twee kontrakteurs sal die gebied gelyktydig myn by Seksie 1 en 2. Seksie 3 sal later volg.

MB het die diensvereistes vir die myn uitgewys (verwys na bladsy 13 van voorlegging) nl:

- 80 000 – 100 000$m^3$ water per maand sal ontrek word vanuit die Oranjerivier
- ŉ Waterpyplyn sal aangelê word om die water na die aanlegte te gelei
- Drinkwater sal in JOJO tanks gestoor word en proseswater in staaldamme.
- Kragopwekkers sal die aanlegte, woonkwartiere en waterpompe voorsien van elektrisiteit.
- ‘French drains’ word tans gebruik by the myn vir riool behandeling maar daar is sprake dat daar moontlike ŉ Riool-behandelings-aanleg opgerig sal word.

Volgens Nabas sal die gemeenskap 20% aandeel in the myn besit in die vorm van ŉ Trust en ook voordeel geniet uit werks-en opleidingsgeleenthede.

| 1.5 | Wetlike vereistes |
|---|---|

MB het kortliks die wetlike vereistes vir die projek uitgewys (verwys na bladsy 15 van die voorlegging) nl.

- Aanoek vir die volgende by DMHE in Springbok:
  - ŉ Mynreg en goedgekeurde Gemeenskaps-en Arbeidsplan
  - Omgewingsmagtiging en ŉ afvalbestuurslisensie onderhewig aan ŉ OIS-proses
- Aansoek vir watergebruiklisensie by die Departement van Water en Sanitasie in Upington

| 1.6 | OIS en Publieke Deelname Proses |
|---|---|

MB noem dat die OIS en publieke deelname proses streng gevolg word volgens die OIS-Regulasies riglyne en bestaan uit die drie fases wat elk vergesel word deur ŉ rondte publieke deelname (verwys na bladsy 17 – 20 van voorlegging).

Die doel van die studie is om die moontlike omgewings-en sosiale impakte van die projek te bepaal, ondersoek, evalueer en ten einde te bestuur volgens ŉ goedgekeurde Omgewingsbestuurs Plan (OBP). :

Die OBP sal as deel van die OIS ingehandig word vir goedkeuring by DMHE. Die plan sal al die kwessies (d.w.s myn, water, riool, afval beheer, woonkwartiere ens) aanspreek en is bindend op die mynreg houer. Onafhanklike Omgewings Konsultante sal verantwoordelik wees vir die monitering van die OBP en die DMHE sal dit opvolg met nakomings-oudits.

| |
|---|
| Die genoemde verslae van die OIS word ingelig deur spesialis studies. Naledzi sal die volgende studies voltooi as deel van die proses:<br>• Erfenisimpak en Palaeontologies Studie<br>• Hidrologiese en Geohidrologiese-impak Studies<br>• Biodiversiteits Studies (Akwaties, Vleiland, Hidropedologies, Diere, Voëls, Plante)<br>• Grondgebruiksvermoë studie<br>• Geraas, Luggehalte (stof) asook Visuele impakstudie<br>• Sosio-ekonomiese impak studie<br>• Gemeenkskaps Gesondheids Studie |
| **Publieke Deelname**<br>Die publieke deelname proses gee die Omgewingskonsultant die geleentheid om die bogenoemde projek inligting oor te dra aan die gemeenskap en hul insette te verkry wat uiteindelik oor gedra word aan die DMHE. Drie stelle inligting word met die publiek gedurende die OIS proses gedeel nl.<br><br>• Rondte 1 –Agtergronds Inligting Dokument (AID) wat die publiek die geleentheid gee om te registreer op die projek databasis en insae te lewer d.m.v geskrewe kommentaar, publieke vergaderings.<br>• Rondte 2 –Omvangsbepalings-verslag (OBV) wat beskikbaar gestel word vir die publiek om insae te lewer.<br>• Rondte 3 – Die OIS sleutel dokument, Omgewingsimpak-verslag (OIV) en OBP wat beskikbaar gestel word vir die publiek om insae te lewer d.m.v publieke vergaderings en geskrewe kommentaar.<br><br>Gedurende elke rondte het die publiek 30-dae geleentheid om insette te lewer.<br><br>MB het die Grasdrift OIS skedule bespreek (verwys na bladsy 21 van voorlegging) en die volgende uitgelig:<br>• **Rondte 1**<br>  o Die AID is beskikbaar tot 5 Desember 2022 vir registrasie en insae in elk van die vier dorpies asook Port Nolloth en Alexanderbaai en kan ook afgelaai word vanaf die Naledzi webtuiste.<br>  o Gemeenskaps vergarderings vind plaas op 16 en 17 November 2022.<br>  o Sodra die registrasie periode verstryk sal die Konsep-OBV voorberei word.<br>• **Rondte 2**<br>  o Die OBV sal beskikbaar wees gedurende Januarie to Februarie 2023 by dieselfde lokale as die AID en op die Naledzi webtuiste.<br>• **Rondte 3**<br>  o Die OIV en OBP sal beskikbaar wees vanaf Mei tot Junie 2023 soos bo genoem.<br>  o Gemeenskaps vergaderings sal plaasvind gedurende die tydperk om die bevindings van die OIS studie te bespreek. |

## 2. BESPREKINGS

| 2 | Besprekings |
|---|---|
| 2.1 | **Jacob Fredericks** wou die volgende bevestig:<br>• Is Nabas teenwoordig by die vergadering?<br>• Is daar reeds myn bedrywighede op die terrein, indien wel is daar ŉ impak studie daarvoor gedoen?<br>• Wie oudit dat Nabas nie meer as die toegelate tonnemaat verwerk nie?<br>• Wie is die direkteure van Nabas Diamante? Voor 2004 was daar ander direkteure as wat nou aansoek doen vir die mynreg. |
| | **MB** terugvoer:<br>• Nee. Naledzi behartig ŉ onafhanklike publieke deelname proses met die doel om inligting in te samel vir die OIS onafhanklik van die mynreg aplikant. Naledzi is van mening dat die publiek/gemeenskap vrylik hul mening moet kan lig sonder die |

| | |
|---|---|
| | teenwoordigheid van die aplikant. Indien nodig sal die aplikant genooi word na toekomstige vergaderings.<br>• Nabas is tans besig met mynbou proewe (t.o.v. diamantopbrengs) by Grasdrift en daar is bestaande infrastruktuur vir die doeleindes soos uitgewys in die voorlegging. Die mynbou proewe word gedoen onder ŉ wettige prospekteerreg (NC 501 PR) toegestaan aan Nabas deur die DMHE. Om die prospekteerreg te verkry moes Nabas ŉ OIS doen. Die myn is nog nie in produksie nie en kan slegs ŉ beperkte hoeveelheid tonnemaat verwerk tot en met ŉ /die mynreg toegestaan word.<br>• DMHE vereis van Nabas om jaarlikse prospekteer vorderings verslae in te dien by die department. DMHE doen ook nakomingsoudit-terreinbesoeke.<br>• Mr Mushtaq Jhatam verteenwoordig Nabas Diamante (Edms) Bpk. Sover ons kennis strek is Nabas die houer van die prospekteerreg en mynreg aplikant.Naledzi sal dit bevestig. |
| | **Na-vergaderingse nota:**<br>Global Diamonds Resources SA (Edms.) Bpk is die meerderheidsaandeelhouer van Nabas Diamante. Global Diamonds is reeds die prospekteerreg/permit oor Grasdrift toegestaan rondom 1997-2000 (ou orde reg). In 2004 moes alle ou orde regte oorgeskakel word na nuwe orde regte volgens die MPRDA. Nabas Diamante is toe gebruik as die oorkoepelende maatskappy om aansoek te doen vir die nuwe orde prospekteerreg voor die ou orde reg verval het. Mr Mushtaq Jhatam is die direkteur van Global Diamond Resources sowel as Nabas Diamante. |
| | |
| 2.2 | **Jacob Fredericks** noem dat volgens SANPARKE paaie nie verder verbreed mag word vir mynbou nie. Hoe gaan die myn masjienerie oor Helskloofpas kom? Die paaie is te nou. |
| | **MB** terugvoer:<br><br>Volgens Nabas se mynbou-werkprogram sal die oorgroot masjienerie vanaf Aussenkehr in Namibia oor die Oranjerivier gebring word na Grasdrift. Die nodige permitte sal gereël word met die Namibiese owerhede. |
| 2.3 | **Steve van der Westhuizen** (Site Plan) wou die volgende bevestig:<br>• Sal daar enige stroomverleggings wees in die Oranjerivier as deel van die mynbou program?<br>• Waar is die internasionale grens tussen Suid-Afrika en Namibia? Dit moet dalk net weer bevestig word.<br>• Is die Namibiese owerhede in kennis gestel? |
| | **MB** terugvoer:<br>• Daar sal geen stroomverleggins wees nie. Geen mynbou sal plaasvind binne die Oranjerivier se vloedvlakte of op die oewer nie.<br>• Die mynreg gebied is beperk tot die Republiek van Suid-Afrika. Die Hooflandmeter-generaal van Suid-Afrika handhaaf steeds die grens volgens die 1890 Anglo-Duitse Verdrag wat dui op die hoogwatermerk van die Noordelike/Oostellike oewer van die Oranjerivier, nie die middel van die rivier nie. Die uitklaring is uitgereik aan Naledzi is 2021 en sal weer DIRCO raadplaag as deel van hierdie OIS proses.<br>• Die Namibiese owerhede is in kennis gestel en word ingesluit by die OIS publieke deelname proses. |
| 2.4 | **Jacob Fredericks** vrae hoe die voorgestelde waterontrekking vanuit die Oranjerivier by Grasdrift die mense stroomaf sal beinvloed. |
| | **MB** terugvoer:<br>ŉ Hydrologiese Studie sal gedoen word as deel van die OIS wat die impak sal bepaal en weergee. Die bevindings sal ingesluit word in die OIV (omgewingsimpak verslag) en sal beskikbaar gestel word vir publieke insae. |

## 3. MAATSKAPLIKE EN ARBEIDSPLAN (MAP)

| 3.1 | Nabas Maatskaplike-en Arbeidsplan (MAP) |
|---|---|

**LM** noem dat Nabas se mynreg-aansoek vergesel moet word deur ŉ Maatskaplike en Arbeidsplan (MAP) in nakoming van die vereistes van die Wet op die Ontwikkeling van Mineraal-en Petroleumhulpbronne van 2002 (MPRDA). Die plan moet voorgelê word aan die DMHE waarin hul uiteensit hoe hul beplan om gemeenskappe in die myngebied te ontwikkel. Die plan moet elke 5 jaar hersien en opdateer word vir die lewensduur van die myn.

Die Minister van Minerale hulpbronne het in 2018 ŉ nuwe Mynbou Handves gepubliseer wat voorstel dat gemeenskappe sekere aandele toegeken moet word in myne. Die persentasie aandele toegestaan is totaal afhanklik van die myndireksie. Nabas se bedoeling is om 20% aandeel van Nabas Diamante toe te ken aan Nabas Trust (Richtersveld Gemeenskaps Trust) sodra die mynreg uitgereik is. Die myn is tans nog in prospekteer fase en kan hom eers verbind aan menslike hulpbronontwikkeling en LED-projekte sodra:

- Die mynreg uitgereik is; en
- Die myn in produksie is.

Nabas Diamante bestaan dus uit drie partye. nl.

- Global Diamond Resources SA (Pty) Ltd (45% aandeel)
- Agnobest 4 (Pty) Ltd (35% aandeel)
- Nabas Trust (20% aandeel) / Richtersveld Gemeenskaps Trust

Nabas het reeds in 2006 besluit om die 20% aandele oortedra aan die gemeenskap in die vorm van ŉ Trust. Omdat die trust akte nog nie uitgereik is nie bestaan die trustees nog uit die maatskappy sekretaresse, rekenmeester en prokureur. Dit sal uiteengesit word in the MAP, dat die trust gestig moet word sodra die akte toegestaan is, daarna sal Nabas die gemeenskap betrek om Trustees te verkies.

Let wel dat die 20% aandeel nie in geldwaarde uitbetaal word aan gemeenskap nie. Die dividende (vergoeding) word in die trust geplaas wat dan gebruik kan word vir gemeenskaps behoeftes bo en behalwe die MAP verpligtinge van die myn.

ŉ Konsep plan is beskikbaar vir die eerste 5 jaar van die myn en moet in oorleg met die gemeenskap gefinaliseer word. Die plan fokus op onderwys, opleiding, ontwikkeling en voedselsekerheid d.w.s LED-projekte. Die LED-projekte word gewoonlik gekies vanuit die bestaande Richtersveld Plaaslike Munisipaliteit se beplande IDP-programme.

Die menslike hulpbronontwikkelingsprogram sal fokus op (voorstelle):

- Indiensopleiding vir studente
- Beurse vir opleiding van studente as veldwagters.
- Basiese onderrig en opleiding vir volwassenes
- Werknemer werwing vanuit die plaaslike gemeenskappe

Sou die gemeenskap eerder ŉ behoefte hê vir ope beurse dan moet dit uitgewys word. Die bogenoemde is slegs voorstelle vanaf Nabas wat hul bereid is om aan te neem.

Die twee gekose LED-projekte wat Nabas bereid is om te befonds sluit die volgende in:

- Opknap van die Kweekhuisprojek by Alexanderbaai Skool ter waarde van R 720 000
- Kweekhuisprojekte by elk van die 4 gemeenskappe ter waarde van R 400 000

Die opbrengs vanaf die kweekhuise kan verbruik; of verkoop word aan die plaaslike kruideniersware winkels. Nabas se totale belegging in die 1ste 5-jaar van die plan is R 1,120 000.

Die voorgestelde projekte word nie afgedwing op die gemeenskappe nie. Voorstelle oor alternatiewe projekte wat die gemeenskap meer kan baat is ook welkom. Die projekte moet net standhoudend wees.

| | |
|---|---|
| Nabas sal dan die voorstelle oorweeg. Gemeenskappe kan ook kies watter projek eerste gedoen word en watter gemeenskap daarby behoort te baat. Die geïdentifiseerde projekte sal dan in die volgorde van prioriteit geïmplimenteer word.<br><br>Let wel die projekspan gebruik die OIS vergadering ook as ŉ platform om die gemeenskap se behoeftes te bespreek en te verstaan. Die Konsep MAP sal opgedateer word volgens die gemeenskappe se behoeftes.<br><br>Sodra die gemeenskap die opgedateerde plan aanvaar, sal dit ingedien word by DMHE vir goedkeuring en sal daar van die myn verwag word om projekte te implementer.<br><br>Die plan is dan ŉ instrument waarvolgens die gemeenskap Nabas kan oudit. As die vereistes nie nagekom word nie kan die gemeenskap die myn te verkla by DMHE. | |
| **3.2** | **Insette vir projekte vanaf gemeenskapslede** |
| 3.2.1 | **Anna Kotze** versoek dat die voorgestelde lys LED-projekte uitgestuur word aan die gemeenskappe vir verder insae (d.m.v. epos ens).<br><br>Weens die swak opkoms by die vergadering kan die paar gemeenskapslede teenwoordig nie besluit vir die hele Sanddrift gemeenskap nie. |
| | **LM** terugvoer:<br>Die lys en Konsep MAP sal gestuur word na die Richtersveld GEV kantore om te versprei na die gemeenskappe se insae. |
| 3.2.2 | **Jan Joseph** versoek die volgende:<br>• Gemeenskap moet 30% aandeel toegestaan word in Grasdrift myn.<br>• Daar moet ook opleidings geleenthede en têrsiere onderrig wees vir matrikulante en moet nie persentasie gebonde wees nie (bv. Moes 80% of meer behaal het ens nie).<br>• LOR vervoer reeds die skoliere elke dag Alexanderbaai toe en die Departement van Openbare werke skraap reeds die paaie.<br>• LOR laat ook die mense toe om 'bedrock sweeping' te doen. Ons wil daai geleentheid gegun word by Grasdrift.<br>• Die vorige kweekhuis projekte het gevou omdat daar geen indiensopleiding was nie. |
| | **LM** terugvoer:<br>• Hierdie 30% aandeelhouding versoek kan genoem word aan Nabas.<br>• Die MAP maak voorsiening vir opleidings geleenthede en têrsiere onderrig vir matrikulante. Daar was wel ŉ versoek by die vorige gemeenskappe dat dit ope beurse moet wees. |
| | **Na-vergaderingse nota: 'Bedrock sweeping'**<br>Die mynwerk-program moet hiervoor voorsiening maak en dit word reeds op ŉ baie klein skaal gedoen as deel van die prospekteerwerkprogram by Grasdrift. |
| | |
| 3.2.3 | **Jacob Fredericks** wou bevestig of Nabas nou al die gemeenskap kan help of moet die mynreg eers toegestaan word. |
| | **LM** terugvoer:<br>NDI sal Nabas eers moet raadpleeg en terugvoer gee. |
| 3.2.4 | **Anna Kotze** noem dat die gemeenskap ŉ Gemeenskaps-skakelbeampte moet aanstel om die MAP te oudit. Die gemeenskap het nie die nodige ondervinding of kennis om dit deur te voer nie. |
| **VERWYS NA BYLAE C VIR DIE OPSOMMING VAN VOORGESTELDE PROJEKTE** | |

## 4. GEMEENSKAP GESONDHEIDS VRAELYS

MB het die gemeenskaps vraelys ingevul met insette vanaf die gemeenskapslede teenwoordig. Die volgende is uitgelig:

- Sanddrift het 'n kliniek en verpleegster maar die ambulans is in Springbok.
- Die kliniek is oor die algemeen nie toegerus met kroniese medikasie nie.
- Die gemeenskapslede moet na die Port Nolloth Hospitaal (134km) toe gaan vir algemene behandeling en Upington / Kimberley (600km) vir kroniese behandeling.
- Algemene siektes sluit bloeddruk en diabetes in.
- Daar is spesifiek alkohol en dwelm misbruik in die dorpie.

## 5. AFSLUITING

MB het almal teenwoordig bedank vir hul deelname en insette. Die vergadering is verdaag.

## 6. GEIDENTIFISEERDE AKSIE-ITEMS

| Nr. | Aksie Item | Toegewys | Wanneer voltooi |
|---|---|---|---|
| 1 | Die voorgestelde lys van gemeenskapsprojekte moet gedeel word met GEV en gemeenskappe vir verdere insae. | NDI | Sluit in by die MAP. Die lys is deurgestuur aan Richtersveld GEV kantore op 9 Desember 2022 vir insae. |
| 2 | Die gemeenskap het uitgelig hul wil geleentheid gegun word om 'bedrock sweeping' te doen by Grasdrift. | NDI<br>Nabas | Die mynwerk-program moet hiervoor voorsiening maak en dit word reeds op 'n baie klein skaal gedoen as deel van die prospekteerwerkprogram by Grasdrift. Nabas sal moet bevestig. |
| 3 | Kan Nabas nou al die gemeenskappe bystaan of moet die mynreg eers toegestaan word? | NDI | NDI moet eers Nabas raadpleeg en terugvoer gee aan gemeenskap. |

# Aanhangels:

## Bylae A- Getekende bywonings register

## Bylae B – PowerPoint-voorlegging

## Bylae C – Voorgestelde Maatskaplike en Arbeidsplan projekte

## 7. AANVAARDING VAN NOTULE:

**a) NALEDZI OMGEWINGSKONSULTANTE**

__________________________________ __________________________________

Handtekening Datum

**b) NDI GEOLOGIESE KONSULTANTE**

__________________________________ __________________________________

Handtekening Datum

**c) SANDDRIFT GEV VERTEENWOORDIGER / GEMEENSKAPSLEDE**

__________________________________ __________________________________

Handtekening Datum

# OMGEWINGSIMPAK STUDIE (OMGEWINGSBEPALING FASE) PUBLIEKE VERGADERINGS

**Nabas Diamante (Edms) Bpk doen aansoek vir Omgewingsmagtiging, 'n Afvalbestuurlisensie asook Watergebruiklisensie vir die voorgestelde Grasdrift Diamant Delwery** (DMRE Verw. NCS 30/5/1/2/2/10211 MR

## BYWONINGS REGISTER – SANDDRIFT SAAL

**Datum: 17 November 2022**

**Tyd: 14h00**

| NAAM EN VAN | WOONPLEK | EPOS ADRES | KONTAK NOMMER | HANDTEKENING |
|---|---|---|---|---|
| MARISSA BOTHA | POLOKWANE, LP NALEDZI EC | [redacted] | | [signature] |
| Steph v.d. Walt | Strand. | | | [signature] |
| J. Fredericks | Sandrift | | | [signature] |
| JAN JOSEPH | Kreboes | | | [signature] |
| Melinda. | | | | [signature] |
| | | | | |
| | | | | |

NALEDZI ENVIRONMENTAL CONSULTANTS

**OMGEWINGSIMPAK STUDIE (OMGEWINGSBEPALING FASE) PUBLIEKE VERGADERINGS**

**Nabas Diamante (Edms) Bpk doen aansoek vir Omgewingsmagtiging, 'n Afvalbestuurlisensie asook Watergebruiklisensie vir die voorgestelde Grasdrift Diamant Delwery** (DMRE Verw. NCS 30/5/1/2/2/10211 MR

## BYWONINGS REGISTER – SANDDRIFT SAAL

**Datum: 17 November 2022**

**Tyd: 14h00**

| NAAM EN VAN | WOONPLEK | EPOS ADRES | KONTAK NOMMER | HANDTEKENING |
|---|---|---|---|---|
| Sonny Olifant | Kimberley | [redacted] | | |
| Anna Kotzé | Sanddrift | | | AKotze |
| Petrus T de Klerk | Sanddrift | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |

## OMGEWINGSIMPAK STUDIE (OMGEWINGSBEPALING FASE) PUBLIEKE VERGADERINGS

**Nabas Diamante (Edms) Bpk doen aansoek vir Omgewingsmagtiging, 'n Afvalbestuurlisensie asook Watergebruiklisensie vir die voorgestelde Grasdrift Diamant Delwery** (DMRE Verw. NCS 30/5/1/2/2/10211 MR

### BYWONINGS REGISTER – SANDDRIFT SAAL
### Datum: 17 November 2022
### Tyd: 14h00

| NAAM EN VAN | WOONPLEK | EPOS ADRES | KONTAK NOMMER | HANDTEKENING |
|---|---|---|---|---|
| Lesego Masao | KIMBERLEY | [redacted] | [redacted] | [signature] |
| Anna | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |